VRAE EN ANTWOORDE

Het jy iets om oor te preek? [Iemand sê: "Nee, meneer."—Red.] Wat van Broer Beeler daar? ["Ek weet nie van hom nie."] Broer Beeler, het jy 'n boodskap vir vanaand? [Broer Beeler sê: "Nee, meneer."] Ek—ek is net 'n bietjie hees. Ek het nog 'n paar—paar vrae gehad. As hulle nie het . . . As een van hierdie broers sal oorneem en preek, sal ek bly wees.

Nou, moenie opgewonde raak nie. Dit is nie 'n . . . Dit is sommer 'n paar gebedsdoeke wat na Afrika toe gaan. Dit moet alles opgesny word in gebedsdoeke, en hulle wou hê ek moet vanaand daaroor bid hier, plus 'n paar koeverte vol. En ek het gedink ons sal dit alles sommer net opdra aan die—aan die Here. Dit moet alles opgesny word om voor my uit te gaan Afrika toe. Nou, julle weet hoeveel gebedsdoeke dit gaan maak, as dit elk omtrent so groot gaan wees, duisende daarvan. Broer Fred het nou die dag sewehonderd gebring in 'n koevertjie omtrent soos dié. En julle kan julle voorstel wat hierdie—hoeveel hiervan gemaak gaan word. So ons is . . . Net oor 'n rukkie, wel, sal ons daaroor bid.

2 Nou, ek's net 'n bietjie hees, maar ek het gesê ek sou terugkom om 'n paar van hierdie—hierdie vrae te beantwoord so goed as ek kan. En nou, altyd, wanneer hierdie herlewings aankom, veroorsaak dit 'n opskuddinkie. En ek wil hê—het gedink miskien sou hierdie dit vanaand soort van uitstryk met die kerk, julle weet, want soms kon iets gesê gewees het wat die kerk dit nie verstaan het nie. En hulle gee jou 'n kans om nou jou eie vraag te skryf. Ek sal julle dié gee wat ek het; en dan, as jy enigiets soos dit het, hoef jy dit nie te skryf nie.

En dan is een van hulle: **Verduidelik asseblief Romeine 7:25.**

Volgende een: **Jy het gesê 'n persoon sou so na aan God kon leef dat hy nie sondig nie.**

In watter gelykenis sal ons wees in die opstanding?

Broer Branham, wat moet 'n persoon doen wanneer hulle al die instruksies gevolg het wat jy geleer het; en hoe ontvang jy dan die Heilige Gees?

Verduidelik asseblief Hebreërs 6:4 en vergelyk dit met Hebreërs 10:26.

En: **Wat word bedoel met uitverkiesing voor die grondlegging van die wêreld; en waar in die Bybel sou jy so-iets vind?**

3 En Suster Mc- . . . Nee, dis—dis 'n gebedsversoek.

4 Nou, dis ons vrae wat ons vir vanaand het. As jy 'n ander een het terwyl ons net hier 'n bietjie voorafgaande het, wel, bring dit hiernatoe, en ons sal net probeer . . . Nou, as daar enige vraag in

die kerk se gemoed is rakende enigiets wat—wat ons het, wel ons sal graag in—in staat wou wees om julle te—te help na die beste van ons wete. Sien?

5 En ek wil hê dat julle altyd sal onthou dat dit wat ek hier sê, ek sê nie dis uitdruklik die Waarheid en alles nie. Dis na my beste wete die uitdruklike Waarheid daaroor. Ek—ek kan verkeerd wees soos enige ander sterfling, maar ek probeer, Broer Jackson—probeer dit net verduidelik soos wat ek dink reg is (julle sien?), soos wat ek dit sien, Broer Mike, in die Bybel, net . . . En bestudeer hierdie dinge, ek neem dit nie net van een plek nie. Ek—ek gaan terug en bring dit uit Génesis uit, en bring dit deur na Openbaring, reguit deur die Bybel.

6 En dan, jy sou die—selfs die onderwerp kon deurbring. Maar, as dit nie met die res Daarvan daarin ooreenstem, die res van die Skrif nie, dan sou dit in elk geval verkeerd wees. As jy dit na enige plek sou bring, moet dit—moet dit inpas by al die res van die Skrifte. Sien julle? En die hele Skrif sal inmekaar pas as Dit reg saamgevoeg word, as . . . Dis net soos 'n groot legkaart. En ek bedoel nie . . . As ek verkeerd praat, mag God my dan vergewe. Die Skrif is iets soortgelyk aan 'n legkaart. Sien? Dit . . . Dis uitmekaar gehaal en sommer deurmekaar in 'n doos, en dit verg die Heilige Gees om dit inmekaar te sit. Sien? En—en ons kan dit nie doen nie. Nou, daar's g'n negehonderd nege-en-sestig verskillende interpretasies Daarvan nie, want die Bybel het gesê die Skrif is nie vir enige private interpretasie nie. Dis net soos Dit geskryf is. Ons glo net Dit is . . . (Dankie, Broer Pat.) Ons . . . Dis net soos Dit—Dit geskryf is in die Bybel; dis hoe ons Dit moet opneem, net so. So as ons Dit hier iets probeer laat sê, wel, dan sal Dit nie dieselfde ding hier oorkant sê nie. Sien, as ons—as ons plaas . . . Jy moet die Skrif Homself hier laat antwoord, Homself hier laat antwoord, Homself hier laat antwoord, net elkeen reg in Sy plek laat ingaan om Dit alles inmekaar te laat pas.

7 En nou, ek het gedink miskien . . . Ek sou praat en het gesê ek sou vanaand, *Ons Het Sy Ster in die Ooste Gesien, en Het Gekom om Hom te Aanbid*; maar ek het net nie genoeg stem nie, en dan, om dit te doen nie. Ek het hier een aand warm geword en het uitgegaan. En ek was so warm toe ek in die motor kom, het ek dit sommer heel opgewasem. Ek het die ruit afgedraai en huis toe gegaan. Wel die—ek dink dit was 'n Donderdag of Vrydagaand. Die volgende aand, het ek begin—dag—het ek 'n bietjie begin hees raak, soort van 'n . . . O, dis . . . Ek is nie—nie siek nie, geen koors, geen siekte, geen verkoue nie; maar dis net soos 'n—soos 'n laringitis in jou keel bloot van praat en—en seermaak deur hard te preek, en toe—en toe het dit koud gekry. Maar dit sal—dit sal weer reg wees oor 'n dag of twee, miskien teen Sondag. Ek kom dalk weer hierheen om Broer te help. Na hy klaar is met sy prediking, sal ek rondkyk en kyk wat nog oor is.

8 En dan—en dan wil ek hê die hele kerk moet die Heilige Gees ontvang. Nou, my skoondogter sit hier. Nie omdat sy my skoondogter is nie, nie omdat sy hier is nie, sy is een van die beste meisies waarvan ek weet; sy's 'n goeie meisie, Loyce. En sy het uit groot dinge gekom uit haar agtergrond, waar sy uit 'n familie moes kom wat God nie aanbid het nie, ensovoorts. Ek voel jammer vir die kind, wat so moes grootword. En nou, soek sy die Heilige Gees, en het gevas tot sy skaars kan regop staan, gevas en bid vir die Heilige Gees.

9 My suster, Dolores, sy het gesê: "Bill, ek het net . . . Toe die kerk was—krag in die kerk was," sy het gesê: "het ek net gevoel asof ek kon wegvlieg. En toe, toe almal—die Heilige Gees op mense begin val," gesê: "het ek net daar gesit en rondkyk." Sien? Wel, sien, en daardie vraag is hierin vanaand, daaroor. So ek het gedink dit kan miskien die kerk help om—om te ontvang. En nou, ek wil nie 'n Woensdagaand biduur vat en dit in soiets opbreek nie, maar ek—ek wil seker wees dat die kerk hierdie dinge behoorlik verstaan (julle sien?), voordat . . .

10 En ek het pas met 'n dokter gepraat hier Sondag, het teruggekom agter in die kerk hier in 'n—hieragter aan die agterkant van die kerk. Hy was 'n mediese dokter. Hy het die hele ent gery vanaf (waar is die Gemeente van God se hoofkantoor nou weer? In . . .) Springfield, Missouri, om die byeenkoms by te woon.

En hy het gesê: "Broer Branham . . ." (Nou dis van die Gemeentes se hoofkantoor af.) En hy het gesê: "My hele lewe lank het ek daaroor gewonder." Het gesê: "Dis die eerste keer dat ek duidelikheid het daaroor in my lewe." Hy het gesê . . . Het my daaragter in die kamer ontmoet, gesit, 'n mediese dokter.

11 En—en so, Broer Mercier en Broer Gene Goad daaragter met die opnemers . . . Net nou, het Broer Mercier gesê hy het die beste uit die byeenkoms gekry waar—waar ons verduidelik het dat—dat toe daardie Heilige Gees in die byeenkoms ingekom het en—en Homself opgebreek het, en God Homself onder Sy mense verdeel het . . . Wel, dis net wat Dit doen. En dan, wanneer God se mense weer begin bymekaar kom, is daar eenheid, is daar krag. Sien? En wanneer God se mense ook al volkome saamkom, dan glo ek sal die opstanding plaasvind. Daar sal 'n wegrapingstyd wees wanneer die Heilige Gees dit begin bymekaar maak. Hulle—dit sal in die minderheid wees, natuurlik, maar daar sal 'n groot samekoms wees.

12 Nou, hierdie gebedsdoeke wat gestuur word, *Die Stem van Genesing* . . . Ek is onmiddellik reg, die eerste van die jaar, as die Here wil, gaan ek—ek na Kingston, Jamaika toe, na Haïti, en daarvandaan . . . Die—die president van Haïti het vir my 'n uitnodiging gestuur, met 'n—met hulle hele burgermag vir beskerming. Hulle het nou 'n opstand daar. En wat dit is, hy wil

hê ons moet kom met hierdie tipe bediening, wat hy gehoor het daar in—in San Juan was, verlede jaar toe ons daar was. Hy het gesê hy het gedink dit is al ding wat sy land sal red. Sien?

13 Nou, as ek 'n Katolieke vriend het wat hier sit, ek sê dit nie vir—om jou te beledig of enigiets nie; ek bedoel dit nie so nie. Maar die Katolieke kerk probeer vir Haïti oorneem (sien?); en die enigste ding wat dit sal red, sal 'n Protestantse, skuddende herlewing juis nou wees. Sien? En dit was baie gaaf, en ek waardeer dit. En toe het ek vir hom gesê, gedurende Kersweek en die volgende paar dae nou, oormôre, sal ons soort van gaan vas en bid, en kyk waarheen die Here ons sal lei.

14 Dan Suid-Amerika . . . En dan, ek voel definitief gelei om na—na Noorweë te gaan. Ek is net definitief gelei om na Noorweë te gaan hierdie jaar, en dan, Afrika ook. En hierdie word—gaan in klein linte geknip word en na Afrika toe gestuur word voor die byeenkoms uit. Dis hoeveel mense . . . Jy kan 'n algemene idee kry hoeveel mense nou om gebedsdoeke vra wanneer julle hoor jy kom oor sien, maak net—net weer kontak. So hierdie is klein doekies wat ook opgeknip word en gereed om uitgestuur te word na—na verskillende mense toe.

15 So tesame met hierdie groot Kerk van die Lewende God, laat ons nou ons hoofde net vir 'n oomblik buig. En elkeen van julle op julle eie manier, bid dat God hierdie doeke sal salf. Nou, eers haal ek die Skrif aan dat: "Van die liggaam van Paulus het hulle sakdoeke of voorskote geneem, en hulle op die siekes geplaas, en bose geeste het uit die mense uitgegaan, en beproewinge; en hulle is genees."

16 Here, op hierdie klein lessenaartjie wat al die jare hier sit, en hoedat U ons al soveel geseën het, en die—die Evangelie het voortdurend hieroor uitgegaan, en . . . As hierdie lessenaartjie net oë kon gehad het of kon praat, sou dit kon vertel van honderde groot wonderwerke wat reg voor hom verrig is: kreupel, verlam, blind, deurtrek van kanker. En die kragte van die Lewende God is bekend gemaak in hierdie geboutjie. En Vader God, ons dank U net vir al hierdie dinge.

17 En nou, die kerk het vanaand byeengekom om U te aanbid. Ons het gekom vir—om vrae te beantwoord wat gevra is. Dis die erns en die harte van die mense dat hierdie dinge hulle in hulle gemoed pla. En Here, ons besef wel, dat as enigiets ons pla, kan ons nooit geloof hê, solank daar 'n vraag is nie. So ons wil nie enige vrae hê nie.

18 Here, ons sien die behoefte vir die doop van die Heilige Gees onder ons mense en onder hierdie kerk. En ons—ons wil nie enige vrae in hulle gemoed hê nie. Ons wil dit heeltemal opgeklaar hê, sodat hulle sal weet wat dit is wanneer Dit kom, en weet dat Dit vir hulle is.

19 En dan, oorkant die see, daar ver in daardie donker oerwoude waar die tromme slaan, en melaatses oral rondlê in die—onder die bome, en die vlieë wat broei, en die—en hulle bene af en hulle ore afgevreet en hulle gesigte weggevreet, melaatsheid. Sulke stank, Here, dat jy skaars binne 'n straatblok van hulle af kan kom. En arme kindertjies sonder kos, sonder klere. . . En hulle is lief vir my, Here. En hulle—hulle het in die bediening geglo, nadat die Krag van die Lewende God soveel van hulle genees het. En ek het nie rus in my gees gehad sedert die dag dat ek Afrika verlaat het nie, in die wete dat daardie arme, moedelose mense daar in daardie vreeslike toestand is, en in bygelowige omstandighede lewe. En die toordokter, met mensbene, skud hulle in sy vingers, en roep na die bose geeste, en o, wat 'n—wat 'n plek, en om dan te dink, hier in Amerika, lieflike kerke en groot plekke. En, God, en om te weet dat daardie arme mense so behoeftig is, sien hulle inkom na die byeenkoms, lê een bo-op die ander, en baie van hulle sterf waar hulle daar lê, probeer net 'n paar woorde hoor van iemand wat hulle gesê het wat U ken. Hulle harte het begin opstaan, Here, sedert die Boodskap, en die briewe nou oor Afrika trek. Vure, so lyk dit, begin weer aangesteek te word.

20 En U groot kerk daar, wat 'n magtige kerk was, het in stukke gebreek, o God, en het een afgeskei in meer van die sin van die formele, en—en die ander probeer steeds by die Waarheid en die Gees hou. En nou, duisende stuur nou in; hulle wil gou gebedsdoeke hê wat—waaroor ek gebid het. In hierdie koevertjies hier is—is gebedsversoeke, van pakkies wat na die behoeftiges toe gaan. O, God van die Hemel wat die hemele en aarde gemaak het, ek bid U, Here, in Jesus' Naam dat U elke steek van hierdie goedere sal heilig. En mag U Heilige Gees gaan met elke steek daarvan, Here. En wanneer dit gelê word op die siekes en die beproefdes, mag die bose geeste hulle verlaat.

21 Dink daar in daardie oerwoude waar hierdie dinge sal heengaan, baie van hulle, waar hulle is—selfs die duiwel aanbid. Ek bid, God, dat hy nie een plek sal hê om te staan nie, dat hy die laers sal verlaat, en die mense tot 'n kennis van die Here Jesus gebring sal word. Skenk dit, Here. Mag hulle siektes genees word, hulle probleme reggemaak, en hulle siele gered word, en die Krag van God voorrang hê. Skenk dit, Vader. Ons stuur elke steek van hierdie goedere as een eenheid. Baie vuurtongetjies is vanaand hierbinne, Here, en tesame stuur ons ons gebede aan U ten behoewe hiervan, dat elke persoon genees sal word op wie dit gelê word. In die Naam van Jesus Christus. Amen.

22 Nou, kan julle my daaragter hoor, heel goed nou daaragter vanaand? Dis goed. Ek dink ons sal so bly wees wanneer ons 'n ander kerk hier kry, want hierdie dingetjies, belemmer, breek jou stem op en jy—jy kan dit byna glad nie hoor nie.

23 Nou, ek besef weer vanaand, ek—ek nader gronde. . . Broer Wood, voor ek dit vergeet, ek het daardie sakdoek gekry. Het

jy nie vir my ’n sakdoek gegee vir iemand nie? Of was dit jy? Iemand het vir my ’n sakdoek gegee om in my sak te sit en te dra, en ek het dit nog altyd sedertdien gehad, gedurende die diens. Ek weet nie wie dit was nie. Ek het gedink dit was jy wat gesê het: “Dra hierdie in jou sak vir iemand.” Een of ander. . . [Broer Neville verduidelik die sakdoek vir Broer Branham—Red.] Was dit dit? Broer Jackson, het jy ’n sakdoek vir iemand gehad? Hier is dit. Goed. Hierdie. . . Ja, meneer. Wel, dit sal net hier wees, Broer Jackson, as jy dit wil hê. En nou, ek weet iemand het dit vir my gegee, gesê: “Dra dit in jou sak.” En toe, het ek dit in my baadjie gesit en daarvan vergeet.

24 Nou, om. . . Nou, as die Here wil, en my stem is reg, óf Sondagoggend óf Sondagaand, een, soos die Here wil, wil ek oor die Kersboodskap praat wat ek vir julle het: *Die—Die Onfeilbare Teken*. Sien julle? Ek het steeds. . . Ek het dit Sondagoggend raakgeloop, en toe, het iets vuur in my hart getref. En ek was net al te ver gevorder met die boodskap om dit weer op te tel. So ek—ek wil dit Sondagoggend opneem, as die Here wil, of Sondagaand, een. So ek en Broer Neville sal oor daardie tyd saamkom.

25 Nou, soos Broer Neville gesê het, en so wil ek elkeen van julle bedank vir die herinnering aan Kersfees, julle kaartjies. Broer en Suster Spencer, ek het julle s’n gekry. En al die ander hier wat julle kaartjies vir my gestuur het, van oral, ek waardeer hulle en die geskenke en dinge wat julle vir my gestuur het. Ons waardeer dit beslis. Van—van my vrou, en my, en—ons—en die kinders af, bedank ons julle. Ons sou graag in staat wou wees om aan elkeen ’n Kersgeskenk te stuur, maar dit sou beslis ’n moeilike ding wees vir ’n prediker om te doen, sou dit nie? Wel, miskien omtrent soveel as wat daar is om na toe te gaan, ek sou dit net nie kon doen nie. Sien julle? Ek sou net. . . Maar ek wens ek kon selfs vir die kleintjies, elkeen, iets kry. Ek sou dit regtig graag wou doen, maar dit is nie net. . . Predikers kan dit nie doen nie. Sien? Daar’s net te veel om te gaan koop. Maar ons almal, is ek seker, ekself en ander ook, dat ons ons gemeentes waardeer. Een van die grootste dinge wat ek dink wat julle gedoen het, is julle liefde en julle onsterflike geloof wat julle in my geplaas het as julle—een van julle pastore hier, en—hierdie jaar.

26 Broer Neville, dis aan jou ook, my liewe broer. En die pragtige gees wat Broer Neville nog altyd getoon het, soos: “Kom gerus voort, Broer Branham; hier is die preekstoel, neem dit maar oor. Geseënd sy God, ek hou daarvan om te sit en luister.” En ek—ek hou daarvan. Ek—ek hou net so van daardie nederige, onselfsugtige manier wat Broer Neville het.

27 En julle almal se geloof, en net. . . Een ding wat julle vir my kan doen as ’n guns, is bid vir my. Nou, ek gaan ’n klomp verspreide dienste hê net voor die groot reisplan begin. Nou, hulle—hulle sal geplaas wees, dink ek, daar rondom

Glasgow, Kentucky, sal ek 'n aand wees. Miskien Campbellsville, Kentucky, sal ek 'n aand wees. En—en daar by 'n ander plek daar in Kentucky, Willow Shade, meen ek is dit, is ek vir 'n aand. Vir . . . Net omtrent soos, ek sal julle laat weet net sodra ons dit uitgestryk het, van die dienste wat opkom, wat nou net klein verspreide dienste sal wees, tot ek weer teruggaan op die veld.

28 Maar ek het myself nou die aand weereens en opnuut aan God toegewy. En met God se hulp en deur God se genade meen ek om in die tuig te bly tot ek sterf. Sien? Ek het dit om-en-by dertig jaar gelede gedoen. En ek was in . . . Maar ek word somtyds so moeg, ek raak buite myself. Ek kom net by 'n punt waar ek net nie enigsins verder kan gaan nie. Sien, julle almal sien dit maar net bloot hier. Julle—julle besef net nie wat dit daarbo is nie, en daar oorkant, en hier. En—en nie eens van een—van een stad nie, nee; een staat nie, nee; nie van die Verenigde State nie; maar die wêreld (sien?), om die wêreld heen. Sien? En dit—dis baie, skat ek, vanaand in kontak, wat ek ontmoet of gekontak het, nie in die duisende nie, maar miljoene mense. Sien? En julle sal net verbaas wees hoeveel van hulle is siek. Sien? En hulle bel; en dit veroorsaak groot druk.

29 So ek waardeer julle almal se gebede. En deur God se hulp en genade, 'n baie Geseënde Kersfees vir elkeen van julle. Onthou my gesegde, dit is nie Sinterklaas nie, dit is vir Jesus. Julle sien? *Kersfees* beteken "Christus." En ons het gisteraand gery, vir die kinders die versierde huise en alles gewys, wat vreeslik mooi is. Maar ek het gedink, as ek ooit op—enigiets op my huis, wat ek ooit sou wou skryf, sal 'n neonbord wees: *Vertrou Christus Sal Deel Uitmaak Van Jou Kersfees*. Dis reg. Plaas Christus terug in Kersfees.

30 Nou, Vader God, ons nader nou die vrae. Baie, baie opreg kom ons. En—en hierdie kosbare mense, Here, het hierdie vrae neergelê en—wat op hulle harte is, en miskien nog baie in die gebou; en hulle wil weet net wat om te doen. En Vader, ek—ek's 'n baie swak plaasvervanger vir U, maar ek bid dat U my sal help om U Woord te ken, sodat Dit 'n bevredigende deel na elke vraag sal bring. Dit laat ons dan in U hande, en in U Naam vra ons dit. Amen.

31 Nou, Broer Pat se vraag hier is 'n baie, baie goeie een. Ek mag dalk net sommer daarmee begin, Broer Pat. Nou, as enigeen van die res van julle 'n vraag het, skryf jy dit net neer en plaas dit hier, of—of Broer Pat sal vir jou 'n stukkie papier bring as jy nie 'n stukkie papier het nie; of ek sal net graag my bes doen om dit te beantwoord.

Nou, hierdie is nogal 'n vraag, Broer Pat. Dit klink asof dit 'n sin vir humor is, maar dis 'n vraag.

101. Waar is die geeste nou wat in die varke ingevaar het? Waar is die geeste wat in daardie trop varke ingevaar het die dag toe Jesus hulle uit die besetene uitgewerp het?

32 Wel, Broer Pat, na die beste van my wete . . . Nou, ons trek weg met demonologie om mee te begin. Nou, demonologie is 'n groot ding. (Nou, hou sommige van julle die horlosie dop en moenie dat ek te lank by een vraag bly nie.) Maar daardie demoniese kragte, daardie geeste was eers in 'n man genaamd Legio. Is dit nie reg nie? En omdat sy naam Legio was, omdat *Legio* in die Hebreeus "baie" beteken. Sien? Daar was baie van hulle.

33 En daardie geeste wat in daardie liewe man was, het hom tot waansin gedryf. En as enigiemand al ooit 'n kranksinnige persoon gesien het of met hulle te doen gehad het, hulle is baiekeer hulle—hulle—hulle krag, omdat hulle so van die duiwel besete is. As jy al ooit by was waar 'n—'n persoon van sy verstand af geraak het, o, dit verg verskeie sterk manne om hulle vas te hou. En hulle is twee of drie maal hulle krag.

34 Nou, wanneer 'n persoon kreupel is en die Heilige Gees kry 'n houvas op hulle, as die duiwel soveel krag het om 'n mens drie of vier maal sy menslike krag te laat word, hoeveel krag kan God nie in 'n mens sit nie? Sien? Dis wat oor hom kom om hom te laat wandel in die krag van God, waar hy vir jare kreupel gelê het. Sy beendere word reguit; en sy hande word reguit; hy loop, en soos 'n jong nuwe mens, want die krag van die Heilige Gees is op hom.

35 Nou, dié was so boos dat hulle die man in kettings gewikkel het, en hy kon hulle breek. En hulle het gesê hy het hulle uitmekaar gepluk. En daar was geen—niks wat hom kon bind nie. Hy was werklik 'n baie slegte geval, want hy het 'n legio demone in hom gehad. En toe, toe hy . . . Jesus het oorgevaar en in Gadara gekom en daar by die grafte begin . . . En hy was so boos, nie die man nie (sien?), die man was in orde.

36 Dis nie die man nie. As jy 'n persoon sien wat so is, moet nooit dink dat dit die mens is nie; dis die duiwel wat in die mens is.

Nou, daardie maniak op die platvorm daardie aand, sou my doodgemaak het, daarbo in Oregon. Daardie man, ek—toe hy na my toe kom, in plaas van . . . hy het in my gesig gespoeg en my 'n "slang in die gras" genoem voor byna tienduisend mense, wel, dit was nie dit nie, dit was nie die mens nie. Hy's 'n mens wat eet, drink, slaap, miskien met 'n familie, en liefhet, en—en net soos ek is of jy is. Maar dit was daardie duiwel in hom wat dit gedoen het. Sien?

37 En jy dryf nooit 'n duiwel uit deur die verkeerde gesindheid nie. Dit verg liefde om dit te doen. En liefde is die magtigste krag wat daar in die wêreld is. Nou, as julle oplet, 'n duiwel is altyd haat. Haat is van die duiwel. En wanneer mense iemand haat,

onthou, dit is 'n vreeslike duiwel om te verag of nie van te hou nie. Julle moet dit nie doen nie.

38 Julle onthou dat die—die . . . Jesus gesê het in Sy preek dat wanneer julle bid: "Ons Vader Wat in die Hemel is," . . . En toe Hy afgekom het, het Hy gesê: "As julle nie, uit julle hart uit, elke man sy oortredinge vergewe nie, sal julle hemelse Vader julle ook nie julle oortredinge vergewe nie." Sien? Julle moet dit nie doen nie.

39 Maar nou, waar die duiwel 'n krag van haat skep (sien?) om op die platvorm uit te hardloop om my dood te maak, wat hy fisies, hy meer as in staat was, baie maal meer . . . Hy sou my seker met sy twee vingers kon optel, sommer so aan die belt, want hy het tweehonderd-en-sestig of tweehonderd-en-sewentig geweeg; hy was meer as sesvoet-en-'n-half of sewe-voet lank, yslike groot vent. En net . . . Hy het pas 'n prediker laer af in die straat met die vuis geslaan, sy sleutelbeen en kakebeen gebreek, en hom beseer, en hom in 'n hospitaal laat beland. Hy het net predikers gehaat. En toe, het hy net reg daar opgehardloop om my dood te maak. Sien?

40 Nou, in daardie man was sommige van hierdie geeste wat uit die varke gewerp is in Gadara. Party van daardie arme mense is hierbuite in die inrigting vir kranksinniges, slaan hulle koppe teen opgestopte tralies, selle. Onthou, duiwels sterf nooit nie. Duiwels lewe altyd, maar daar sal 'n tyd wees wanneer duiwels sal moet sterf. Hulle sal volkome uitgewis word. Maar nou, lewe hulle, en hulle werk van geslag tot geslag op menslike wesens. Sommige van hulle is in die vorm van kanker; sommige is in die vorm van epilepsie; sommige is in die vorm van tuberkulose. Hulle kom in die vlees, maar hulle is, skynbaar, kragteloos totdat hulle in 'n persoon kan inkom. Hulle moet deur 'n persoon opereer, wat by 'n ander gedagte bring, dat die Heilige Gees is—die aarde oordek, maar Dit is byna hulpeloos totdat Dit in jou en my inkom.

41 God maak staat op my en jou. Sien? Die Heilige Gees . . . Die aarde is vol van die Gees van God, maar Dis uitgestort. Maar Dit—Dit kan nie opereer voordat Dit nie in ons inkom, in ons menslike wesens, om te opereer nie.

42 En die duiwel wil ons oorneem om onder hom te opereer. So wanneer hy die ligte vorm kry, begin hy in sonde. As hy hulle net in 'n regverdige man, 'n goeie man kan hou, en hom net laat voortgaan en probeer om so goed te wees; as hy hom so kan hou tot hy dood is, dis net wat hy wil doen. Hy het hom, want maak nie saak hoe regverdig jy is, hoe goed jy is, hoe moreel jy is, hoe rein jy is, hoe eerlik jy is nie, jy sal nooit in die Hemel kom voordat jy wedergebore is nie. Jesus het so gesê. So daar's geen . . . Dit . . . Jy moet gebore word, jy moet geregenereer word, of daar's geen manier in die wêreld vir jou om ooit in die Hemel in te gaan, of ooit—of ooit na Christus toe te kom nie.

43 Nou, ek het 'n paar oomblikke gelede gesê, wat 'n ander vraag in julle gedagtes kan laat ontstaan, dat ek—dat ek geleer het, en dit is oor—oor. . . Dat ek nie glo dat daar 'n ewige. . . Ek glo nie die Bybel leer van 'n ewige, brandende hel nie. Dit doen dit nie, want as die hel ewig is en mense wat daarheen gaan vir ewig gestraf sal word, is die enigste manier wat hulle ewig gestraf sou kon word, dat hulle Ewige Lewe sou moes hê. En daar is net een vorm van Ewige Lewe, en dis in God. Sien? So hulle moet tot uitwissing kom (sien?); dit is, hulle fisiese deel word uitgewis, en dan word hulle geestelike deel uitgewis. Dit word geheel en al verteer; daar is niks meer daarvan oor nie. "Nóg wortel nóg tak," noem die Bybel dit. Hulle word volledig mee weggedoen.

44 En dan, ek kan bewys dat daar grade in die Hemel is, dat hulle nie almal op dieselfde vlak sal wees nie, maar jy sal dieselfde Ewige Lewe hê. Maar die Bybel het gesê dat die konings van die aarde hulle eer en heerlikheid bring (Openbaring 22)—hulle eer en heerlikheid in die stad inbring. Dit bewys dat daar konings in die nuwe aarde sal wees, konings en heersers. Jesus het vir Sy dissipels gesê. . . Hulle het gesê: "Wat sal ons hê nadat ons vader, en moeder, en alles verlaat het om U te volg?"

45 Hy het gesê: "Voorwaar, Ek sê vir julle, julle sal op twaalf trone sit, om die twaalf stamme van Israel te oordeel in daardie dag." Sien, dis 'n ander, dis 'n aardse stelsel wat aan die kom is, wat sal—wat ver verhewe sal wees bo enigiets. Daarin sal hulle geen sonde wees nie, maar tog sal hulle heersers ensovoorts hê in die stede, wanneer met alles voortgegaan sal word op die wyse van die Ewige Lewe.

46 Maar die goddelose sal gestraf word vir hulle sondes volgens die dade wat in die liggaam gedoen is, en sal dan volkome en totaal uitgewis word. Nou, onthou dit net. Julle wat notas maak, onthou dit.

47 En plaas my op rekord daaroor, dat daar net een vorm van Ewige Lewe is, en ons soek daarna; en God alleen het Ewige Lewe.

Daar's geen twee vorms van Ewige Lewe nie, een Ewige Lewe, en dit is al wat lewe. En onthou, sit dit ook by jou nota: Alles wat gemaak is, wat 'n begin gehad het, het 'n einde. Alles wat 'n begin gehad het, het 'n einde, en slegs dit wat geen begin gehad het nie, het geen einde nie. En daar is net een ding wat nooit 'n begin gehad het nie, en dit was God. En dis al manier hoe jy in die opstanding kan opstaan, is om daardie Ewige Lewe binne-in jou te hê. Sien? Dis die enigste manier dat jy ooit sal terugkom, is iets wat geen begin gehad het nie. En wanneer jy die Heilige Gees ontvang het, woon daar in jou 'n Lewe wat nooit begin het en nooit kan eindig nie; en julle besit daardie Lewe in julle, dan het julle Ewige Lewe en is seuns en dogters van God.

Sien? En jy kan net so min sterf as wat God kan sterf, want jy is 'n deel van God.

48 Ons het die vraag gekry hier 'n ruk gelede, êrens hierin, van uitverkiesing, bring dit reg by daardie selfde ding. Jy word 'n deel van God; en as God Homself verdeel het in daardie groot Vuurkolom, en daardie vuurtongetjies uitgegaan het oor elkeen van daardie persone, en Dit doen vandag nogsteeds dieselfde ding. Ons kan dit bewys deur die ondervinding wat ons het, deur die leer van die Bybel, deur wetenskaplike navorsing, foto om te wys dis Dit, dat God Homself verdeel onder Sy mense. "En omdat Ek lewe, sal julle ook lewe," het Jesus gesê. Ons kan nie sterf nie. Daar's nie so-iets soos die dood vir 'n Christen nie; "Want hy wat in My glo, sal lewe, al het hy ook gesterwe: En wie ook al lewe en in My glo, sal nooit sterf nie." Sien?

49 "Sterf," die woord *dood* beteken "geskei." Nou, fisies, skei ons van ons fisiese deel, want dis steeds sonde, maar ons gees is van God wat nooit van God geskei kan word nie, omdat ons 'n deel is van God. Ons word—ons bring . . . Ons word teruggebring in daardie gedagte van God in. Alles wat God doen, is volmaak en ewig. En toe God se einste gedagtes uitgegaan het na 'n koninkryk van mense wat Hom sal aanbid, is daardie einste gedagtes ewig. Sien? Hulle kan nie meer tot niet gaan nie. Elke woord van God is Ewig. Jesus het gesê: "Hemele en aarde sal verbygaan, beide hemele en aarde mag verbygaan, maar My woorde sal nooit verbygaan nie." Sien? Hulle is ewig saam met God. En: "As julle in My bly en My Woord in julle . . . " Sien? Ons word 'n deel van Sy Woord, deel van Sy Lewe, want ons is vlees van Sy vlees, en been van Sy been, en lewe van Sy Lewe. Dan kan ons net so min tot niet gaan as wat God Self tot niet sou kon gaan. Dis wat die Heilige Gees is.

50 'n Kêreltjie is hier weg van Georgia af, Broer Evans. Hy was al oral oor die land. En hy's 'n groot ondersteuner van my goeie vriend, Oral Roberts; en hy—hy het al sy televisie uitsendings daaronder gaan ondersteun, en hy het 'n klomp dinge gedoen. Maar hy het nou die dag vir my gesê, hy het gesê: "Broer Branham, ek het daar na Broer Jagger se skool toe gegaan. Ek het oral gegaan; ek het drie maande lank daar gebly. Ek het gesoek; ek het na die plekke toe gegaan, elkeen van hulle, en dit op dieselfde ding teruggebring. Ek kon nooit 'n plek kry waar ek enige sekerheid gehad het nie (sien jy?), as ek *dit* doen, of as ek *dat* doen, en wat sou ek *hier* kon doen, of is ek, of is ek nie," het gesê: "totdat ek jou onderrigting gehoor het." Het gesê: "Toe het dit dit eens en vir altyd beslis." "Want die aanbidder wat eenmaal van sy sondes gereinig is, is nie meer van sonde bewus nie." Hy't oorgegaan uit die dood in die Lewe, en hy het die Ewige Lewe wat daar binne-in hom woon en kan net so min sterf as wat God kan sterf. Presies volgens die Bybel. Sien? Hy's ewiglik versorg, want hy het Ewige Lewe.

51 Nou, dit beteken nie dat jy kan sondig en daarmee wegkom nie, want wanneer jy sondig, word jy gestraf vir jou sondes. Presies reg. Maar solank daar Ewige Lewe daarbinne is, leef jy vir ewig. Jesus het gesê: "Hy wat My Woord hoor (Johannes 5:24)—hy wat My woorde hoor, glo in Hom wat My gestuur het, het Ewigdurende Lewe, en sal nooit in die oordeel kom nie, het—maar het oorgegaan uit die dood na die Lewe." Sien? Almal . . . "Niemand kan na My toe kom tensy My Vader hom eers trek nie; en almal wat na My toe kom, sal Ek . . . En almal wat My Vader My gegee het, sal na My toe kom." Dis reg. "Almal wat Hy gegee het, sal kom, en nie een van hulle sal verlore gaan nie. Ek sal hulle die Ewige Lewe gee en sal hom opwek in die laaste dag." (Johannes 6) O, watter blye versekering. Sien? Dan hoef jy nie tot die dood toe bang te wees en te wonder nie.

52 God het ons die volmaakte versekering gegee dat ons Sy kinders is. En as Sy kinders, wys Hy ons tereg net soos ek my kinders teregwys, julle julle kinders teregwys. Wanneer hulle verkeerd is, wys ons hulle tereg. As—as my kinders verkeerd optree, dan is dit my plig as 'n vader om hulle tereg te wys. En dan, as God se kinders verkeerd optree, is dit Sy plig as 'n Vader, en sal Hy jou teregwys. Onthou dit net, jy sal tereggewys word. Maar solank as wat jy Sy kind is, moet die wêreld liewer hulle hande van jou af hou (dis reg!), want Hy het gesê: "Dis baie beter vir jou dat 'n meulsteen om jou nek gehang word en jy verdrink word in die dieptes van die see, as om ooit een van hierdie kleintjies, wat in My glo, te laat struikel." Dis reg. Wat gaan daardie oordeel nie wees nie?

53 Nou, Broer Pat, terug na jou vraag toe. Die geeste wat uit daardie man uitgegaan het, wat hom soos 'n maniak gedryf het (sien?), doen vandag dieselfde ding in mense. Sien? Dis daardie geeste, duisende maal duisende. En die duiwel kom in met iets soos 'n bietjie opium. Dis net soos wat hulle 'n skooldogtertjie vat; die eerste ding wat hulle sal doen, is om haar 'n sigaret te laat rook. Sien? Dit laat haar begin. En die volgende ding wat hulle doen, sal hulle 'n bietjie sterker kry. En dan, die eerste ding, eindig dit by marijuana; en dan daarvandaan, aan na die regte dwelmverslawing. Wat doen dit? Dit dryf hulle tot raserny. Hulle raak net gek, en die duiwel het hulle. Sien?

54 So die duiwel is in die rook van sigarette. Dis sy matige vormpie. Nou, as hy sien jy's nogal slim en gaan dit agterkom, sal hy dit nooit verder as sigarette laat gaan nie. Sien? Solank hy jou net lank genoeg daar kan hou, kry hy jou lewe uitgedoof, want hy weet dat jy nie kan gaan voor God so gesê het nie. Maar jy sal preek na preek, boodskap na boodskap, en slag op slag daaroor, en waarskuwing na waarskuwing daaroor hoor; en as hy dit net van jou kan afweer en jou gedagtes by iets anders kan hou, soos om 'n gewilde persoon te wees, of dat jy dit moet hê, of so-iets, dan hou hy jou net daar totdat hy jou uitkry. Of as hy jou net by

die kerk kan laat aansluit en sê: "Ek gaan 'n goeie kêrel wees. Ek gaan 'n nuwe blaadjie omslaan. Ek gaan word . . . Ek—ek gaan na die kerk toe en by die kerk aansluit." As hy jou net daaronder kan hou, is dit al wat hy hoef te doen. Hy het jou nog, want jy . . . Jesus het gesê: "Voorwaar, voorwaar (dis absoluut, absoluut), Ek sê vir julle, tensy 'n mens gebore word uit die water en uit die Gees, sal hy op geen manier in die Koninkryk ingaan nie."

Laat ek julle net iets wys. Ek het vanmiddag met 'n broer gepraat, Broer Wood, toe ons op 'n reis was, sommer uit, het my gedagtes probeer ontspan, nie gepraat nie, om genoeg stem te kry om vanaand te praat.

55 Nou, let op! Ons gaan hier af en kry 'n mooi groot mieliepit. Dis die mees volmaakte mieliepit wat daar in die land is. Nou, ek gaan . . . Wel, mielie of kop, wat jy dit ook al wil noem. Ek sal—ek sal dit hier na die Clark County Skou toe vat, en ek sal 'n blou lint daarmee wen. Dis die beste mieliepit, die mees volmaakte mielie wat daar is, ooit gesien is. Ek sal 'n blou lint daarmee kry. Ek sal dit daar na die Floyd County toe vat; ek sal dit verder na die Harrison County toe vat. Ek sal dit na die staat toe vat, en ek sal dit na die nasie toe vat. En dit wen elke blou lint. Dis die mees volmaakte mieliepit. En die wetenskaplikes met hulle groot brille, hulle kyk daardeur, en hulle ondersoek dit, sien die . . . Daar's 'n perfekte hoeveelheid kalium, en 'n perfekte hoeveelheid kalsium, en—en 'n perfekte voggehalte. Alles wat in daardie mieliepit ingaan, is net presies volmaak. Nou, sê jy: "Ek gaan dit plant en daaruit vir my nog 'n volmaakte pit uitkry." En jy plant dit in die grond. Tensy daardie mielie, daardie volmaakte pit, die kiem van die lewe daarin het, sal dit daar lê en vrot, en dis die einde daarvan. Dit sal nooit weer opstaan nie, maak nie saak hoe volmaak dit is nie. Dit—dit sal nooit opstaan voordat dit ontkiem met 'n nuwe lewe daarin nie.

56 En jy kan 'n man vat . . . Nou, ek bedoel dit nie om gevoelens seer te maak nie, ek wil net . . . Dit is kerk, hierdie is my tabernakel, en ek is so vry soos 'n voël. Sien? Nou ek wil hê julle moet onthou, dat hierin, dat 'n man goed mag wees; hy mag sy tiendes betaal; hy mag eerlik wees; hy mag die weduwee help; hy mag die weeskind help; hy mag 'n kerklidmaat wees. Jy kan nie 'n enkele fout vind met daardie man nie. Elke slag dat iets voorval, daar diep in sy sak, vat die laaste pennie wat hy gehad het en gee aan die armes. Hy sal—hy sal by jou staan deur dik en dun. Hy sal jou maat wees wanneer selfs 'n klomp van die sogenaamde ander jou sal wegwys en dit alles; en daardie man is steeds buite die Koninkryk van God tensy hy met die Heilige Gees, Ewige Lewe vervul is. Dis reg! Dis hoe belangrik dit is.

57 Dis waarom ek probeer om my kerk dit te laat sien. En ek—ek bid dat julle nie dink dat ek net probeer om slim te wees nie. Ek—ek probeer julle vertel dat die duiwel so bedrieglik is, dat hy so bedrieglik is dat hy sal—hy jou sal laat optree soos 'n Christen.

Hy sal iets doen en Christus naboots reg tot daar by die einste Uitverkorenes. Die Bybel het gesê hulle sou so naby mekaar wees. Jy sal 'n goeie mens wees. Jy sal hê . . .

58 Nou kyk net hier, laat ek julle voorbeelde wys om nou seker te maak. Ons wil dit in die Skrifte hou terwyl ons by hierdie geeste is. Esau was 'n baie beter mens in elke opsig wat jy dit wil neem as wat Jakob was. Nou, Esau (God vergewe my vir hierdie opmerking), hy was sommer 'n klein skelm. Dis al. Nou, as julle hom oplet, wat was hy? 'n Klein klikbek en 'n groot leuenaar. Nou, as—as ek verkeerd praat, God vergewe my, maar hy het gelieg. En 'n verneuker, daar was kwalik ooit een soos hy gewees. Toe hy selfs daardie gespikkelde latte gevat het en hulle in die water gesit het om te veroorsaak dat daardie dragtige beeste en skape daar gespikkelde skape en gespikkelde beeste voortbring, om hulle in sy eie—eie hande te kry . . . Wat het hy gedoen? Hy het Esau se kleed aan hom getrek en 'n stuk skaapvel en alles, en het daarnatoe gegaan, en vir Esau nageboots voor sy blinde vader wat 'n profeet was. Dit reg? Wel, hy was 'n klein knoeier; hy was regtig. En Esau was 'n . . . Ek behoort nie—miskien moes ek dit nie so gestel het nie. Sien? Ek bedoel dit nie so nie. Ek—ek sal dit terugtrek. Hy—hy wa- . . . hy—hy was 'n . . . Ek weet nie; julle weet wat hy was. Sien? Dink julle net in julle gedagte; ek sal . . . Hy was 'n—hy was 'n groot man van God, en ek wil niks slegs van hom sê nie (julle sien?), maar ek probeer net 'n klein—klein dingetjies uitwys wat hy gedoen het. Kyk net hoe agterbaks was hy. Leuenaar? Sekerlik, hy was net—hy was verskriklik. Maar wat het hy probeer doen?

59 Kyk na Esau. Esau was 'n goeie man, moreel, 'n goeie kerklidmaat vandag. Wat het hy gedoen? Hy was 'n jagter. Hy het uitgegaan . . . Natuurlik toe, was dit hoe hulle hulle lewe gemaak het. Hy het die troppe vir sy vader opgepas. Sy pa was blind. 'n Profeet, 'n profeet van die Here was blind en bedrieg deur sy eie seun, 'n profeet, Isak; deur hom het Christus gekom. Jy kan hom profeet noem, Bybel het gesê hy was. En was blind? Waarom het hy nie homself genees nie? En waarom het hy nie geweet dat dit Esau was nie—dat dit Jakob in plaas van Esau was nie? Sien? God vertel sy profete nie alles nie. Hy vertel hulle net wat Hy wil hê hulle moet weet. Sien?

60 God was toe 'n plan aan die uitwerk, en hy moes daarin werk. God . . . As jy jouself aan God sal onderwerp, sal God jou reg in Sy plan laat werk.

61 Nou, let op wat hy gedoen het, wat hierdie kêrel gedoen het. Esau het uitgegaan en probeer om vir sy arme, ou, blinde pa te sorg; en Jakob, op die oog af, het hy nie omgegee wat van hom geword het nie. Maar daar's een ding wat Jakob wou hê, en dit was die geboortereg. Ongeag wat gekom het, hoe hy dit moes kry, tot watter vlak hy moes kom, daardie geboortereg was al waarvoor hy omgegee het. En Esau, het die Bybel gesê, het

sy geboortereg verag; die Bybel het dit gesê. En die Bybel het gesê: "Tensy daar 'n verwaande ontugtige onder julle kom, soos daardie bose persoon, Esau, wat sy geboortereg verag het en dit vir 'n pot lensiesop verkoop het . . . "

62 Nou, wat is 'n geboortereg? Dis die reg. Dis wat ek julle nou probeer vertel. Hierdie Heilige Gees is julle Geboortereg; dis jou Geboortereg. Dis jou God-gegewe reg. Nou, mense sal vandag sê: "Ek sal kerk toe gaan. Ek is net so goed soos die volgende persoon. Maar ek, optree soos een van daardie holy-rollers? Nie ek nie." Wel, jou Esau! Sien? Dis net dieselfde ding, verag die geboortereg. Wel, hy het dit vir 'n pot lensiesop verruil. En julle verkoop dit ma- . . . Ek sê nie julle nie, maar die wêreld verkoop dit vir baie minder as dit.

63 Esau was honger. Maar, julle sien, as goedheid sou tel . . . As iemand . . . As ons daar aangeloop het en by die tent gebly het vir 'n—'n paar dae, sou ons uitvind dat Esau is . . . Ons sou vir Esau gekies het. Sien? Maar in sy hart wou hy daardie geboortereg hê. Hy het nie vir enigiets anders omgegee nie; hy wou daardie geboortereg hê. Dis al wat hy wou hê.

64 En Esau wou 'n goeie kêrel wees, en vir alles sorg, en alles net reg doen, en alles maak net soos . . . Hy was 'n baie goeie wetlike; was Esau. Hy wou alles net reg hê. En Jakob wou een ding hê, en dit was die geboortereg, en dis al waarvoor hy omgegee het. En Esau . . . Julle sien wat met beide seuns gebeur het. Sien? En uit Jakob het selfs die twaalf aartsvaders gekom wat, wel, die twaalf stamme van Israel voortgebring het, uit Jakob uit. En hy het genoem—en God het vir Jakob Sy Eie seun genoem. Sien julle wat ek bedoel?

65 Daardie Heilige Gees behoort belangriker te wees vir jou as alles anders wat daar in die wêreld is, jou aansien, jou lewe, jou werk, jou alles wat daar is. Jy moenie ophou voor jy Dit het nie. Jy moet Dit ontvang. Dit moet wees die mees . . . En jy sê: "Wel, ek's bang hulle—hulle by my werk. Ek's bang dat my man, my . . . " Moenie bang wees nie; laat Dit eerste plek hê. Laat vaar alles anders. Laat Dit eerste wees. "Wel, ek verwag om Dit een van die dae te kry, Broer Branham." Nie een van die dae nie, nou! Dit is nou die tyd. "Laat Dit eerste wees voor ek—voor ek enigiets anders doen. Laat ek Dit nou kry!" Desperaat! Dit sal ons vraag help antwoord. Jy word net . . . wanneer jy desperaat raak Daarvoor, Dit regtig moet hê of sterf (sien?), dis dan wanneer jy Dit gaan kry.

66 Daar was destyds 'n Joodjie hier in die stad. Ek weet nie of julle hom geken het of nie. Hy's genees van kanker. Hulle gee—het hom uitgeskop. En toe hy gedoop is in die Naam van Jesus Christus, toe het hulle hom regtig uitgeskop, hom in die agterplaas gesit. En toe het hy gegaan en by die Metodiste kerk aangesluit. En hulle het uitgevind dat hy gedoop is in die Naam

van Jesus, en hulle het hom uitgesit in zero weer, omtrent minus tien, in Ohio; hom daar in 'n bed gesit (Broer Fleeman, jy behoort vir Broer Vance te onthou, of hoe?)—het hom uitgesit, daarbuite, en 'n waterpomp daarbuite, en gesê: "Daar's genoeg water vir jou om herdoop te word in Jesus' Naam, skat ek."

67 Hoe ook al, hy het my eenkeer 'n storietjie vertel. Hy het gesê dat toe hierdie *sekere* mense, sy vrou—hulle het gebly by . . . En hy het al sy ou goed bymekaar gemaak in 'n ou stukkende bakkie en die dorp begin uitry. En sy vrou het gesê: "Weet jy wat? Ek moes water gedrink het voor ek daardie plek verlaat het." Gesê: "Ek's dors."

Wel, het hy gesê: "Skat, daar's 'n brandkraan."

Het gesê: "Wel, gaan maar aan tot jy 'n beter plek kry." Julle sien?

En hy het nog 'n entjie aangegaan, en hy het gesê: "Daar's nog 'n brandkraan."

Het gesê: "Wel, gaan maar net voort." Julle sien?

68 Maar het gesê: "Toe, toe sy buite in die veld kom, was daar geen pomp meer nie." Het gesê: "Sy het na gesmag na 'n—na 'n bietjie water." Ek het gesê: "Na 'n ruk, daar oorkant in die land was daar 'n ou plaaspomp, daar ver in die veld, regoor dwarsdeur 'n klomp beeste; en sy was bang vir die beeste." Maar hy het gesê: "Sy het gesê: 'Levi, ek moet net water kry!'" So hulle—hy het die motor gestop. En het gesê, voor hy nog selfs die motor behoorlik kon stop, was sy uit en het die draad oorgesteek. Sy moes net water kry. En wanneer God so werklik word vir jou, wanneer jy so dors het, dat dit óf God is, óf jy sal sterf, jy kan dit net nie langer uithou nie, dan gaan iets gebeur. Dit moet—jy kom dan by die punt met God. Dis dan wanneer jy neem—dit plaasvind.

69 Nou, hierdie bose geeste bedrieg mense. En van daardie geeste is, baiekeer, baie godsdienstig. Nou sê julle: "Bedoel jy, godsdienstig?" Ja, meneer! Leer selfs die Skrifte, die Bybel. Hulle doen dit sekerlik.

70 Nou let op! Jesus het gekom na 'n klomp mense wat heilige priesters was; en hulle het die wette tot op die letter nagekom; en hulle was baie, baie godsdienstig. En Jesus—Johannes het hulle genoem, gesê: "Julle addergeslag (dis slange), wie het julle gewaarsku om te vlug van die toorn wat kom?" Toe Jesus hulle gesien het, het Hy gesê: "Julle is van julle vader, die duiwel." Dit was God wat dit gesê het. Net so godsdienstig as hulle kon wees.

71 Onthou, wanneer—die duiwel neem sy man, maar nooit sy gees nie. God neem Sy man, maar nooit Sy Gees nie. Sien? Die Heilige Gees kom in jou lewe in en heilig jou gees, lewe deur jou, en gee jou krag om te lewe. Maar wanneer—wanneer jou gees voortgaan, bly jou gees by God; maar die Heilige Gees wat op jou was, kom op iemand anders, en iemand anders, en iemand . . .

72 Hierdie Gees wat op Elía was, het op Elisa gekom, 'n dubbele mate Daarvan; het sewehonderd jaar later, of agthonderd jaar later, op Johannes die Doper gekom, hom laat optree . . . Kyk hoe Elía, kyk hoe was Elía: groot ou harige man, heel vol baard; skaapvel, het soos 'n harige wurm gelyk, sy gesig so uit, en het daar deurgestap met 'n groot stuk leer om, sy gordels soos—gordels om sy lendene, so. As jy sou . . . As hy na jou huis toe sou aankom, sou jy sê: "Ooo, goeiste! Bel gou die polisie. So 'n kêrel wat voor my deur staan." Maar dit was 'n profeet van die Here. Was beslis! En toe, toe hy dood is, het 'n dubbele mate van sy Gees op Elía gekom; en het toe, agthonderd jaar later, op Johannes die Doper gekom, en het vir Johannes laat optree net presies soos hulle het, want Dit was die gees van Elía.

73 Nou, as die gees van Elía op Johannes, vir Johannes laat optree het soos Elía, sal die Gees van God op jou, jou laat optree soos Jesus. Nou, dis daar waar jy die Heilige Gees vind. Sien? Dis wat die Heilige Gees doen. Dit maak jou sagmoedig, maak jou nederig, maar jou vergewensgesind.

74 Sou hulle baard van jou gesig af kon ruk, as jy dit gehad het, dit uitpluk en in jou gesig spoeg, wanneer jy die mag gehad het om 'n—legioene Engele te roep? Sou jy dit kon doen uit liefde vir die mense wat in jou gesig spoeg? Sou jy dit kon doen? As iemand sommer net na jou toe aangestap gekom het en gesê het: "Haai, jou huigelaar!" en jou op die een kant van die gesig klap, sou jy vir hulle vergifnis kon bid? Nou, dis waar vertroue—toets of jy die Heilige Gees het of nie. Sien? Wanneer iemand iets verkeerd teen iemand sê, somtyds wat daarop aanspraak maak om die Heilige Gees te hê: "Ek sal haar terugkry al vat dit my my laaste dag." Sien? Nou, dis daar waar jy vasstel oor jou Heilige Gees. Sien? "Geseënd is julle wanneer mense allerhande kwaad valslik teen julle spreek om My Naam's ontwil." Maar jy gaan hulle terugkry? Nee! "Verbly julle en wees uitermate verheug, want so het hulle die profete vervolg wat voor julle was." Sien?

75 Wanneer iemand kwaad van jou praat, sê iets goeds. As jy nie iets goeds oor hulle kan sê nie, sê dan net niks nie. Laat dit net gaan. Sien? En dan, wanneer jy alleen is, bid vir hulle.

76 As daar een ding in my lewe is wat my gehelp het om te verstaan dat die Heilige Gees in my ingekom het daar daardie dag, is dit dit. Ek was heethoofdig, vurig, Iers van beide kante af. En ek kon altyd skaars eet, my mond was altyd stukkend, waar iemand dit stukkend geslaan het, van opspring waar ek nie moes opgespring het nie. Ek het nou party van my tande uitgebreek en gestop waar ek—ek gepraat het toe ek nie behoort te gepraat het nie (julle sien?) en dinge gesê het . . . Altyd in die moeilikheid. En ek het gesê . . . Iemand het vir my gesê, my onderwyseres by die skool, sy het gesê . . . Ek het gesê: "Dame, ek—ek—ek kan dit nie help nie." Sien, ek was altyd in die moeilikheid. En ek het

gesê: "Ek kan dit nie help nie." Arme ou Moeder Temple, sy het pas nou die dag die Heerlikheid ingegaan.

En sy het gesê: "Wel, kyk Skat." Sy het my op haar skoot getel, en sy het my in haar arms opgetrek en begin huil. Eerste keer wat ek ooit liefde soos dit van iemand gehad het, 'n ou vrou. Sy het net bo-oor my gehuil. Sy het gesê: "Billy, ek gaan vir jou iets doen, Skat; ek gaan vir jou 'n klein stukkie tou gee." En het gesê: "As enigeen van die seuns jou pak . . . "

77 Het my "springmielie" genoem, omdat ek van Kentucky af was, julle weet, en—en . . . Ek was—ek was regtig verskriklik aangetrek. En hulle het met my hare gespot, het baie amper so lank gehang as wat dit nou is, heeltemal af oor my gesig. En ek het net baie swaar gekry, julle weet. En—en hulle het my rondgeslaan en my geklap. Elke keer as iemand sy humeur verloor, sou hulle rondloop, en my sommer net beetkry, en my plat slaan. En hier sou ek kom. Sien? En 'n—so dan—en 'n bakleiery. En ons het—ons het teruggeveg, ek het selfs mesgevegte gehad en wat nog alles.

78 En het 'n Winchester-geweer gevat en dit probeer skiet, dit reg in vier of vyf seuns gepomp, van my slaan totdat ek skaars kon regop staan. Sou elkeen van hulle doodgemaak het as dit nie was vir God nie. Het die koeëls van die grond af opgetel, hulle in die geweer teruggesit; hulle het geskiet net so goed as wat hulle ooit het. Sien? Ek sou 'n moordenaar gewees het van vyf mans, waarskynlik, of vyf seuns.

79 Was net omtrent twaalf jaar oud, kort van draad! En die onderwyseres het gesê: "Vat hierdie toutjie, Billy, en wanneer jy ook al kwaad word, dan stop jy net en maak nege knope in daardie toutjie." Het gesê: "Wanneer jy dit doen, dan bring jy die toutjie na my toe. Ek sal jou wed jou humeur sal oor wees."

80 Ek het gesê: "Mev. Whalen, ek dink regtig jy is so goed." Ek het gesê: "Ek—ek gaan dit probeer." Sien? (Of Mev. Temple; ek sê Mev. Whalen. Ek het gesê Mev . . . Mnr. Whalen was 'n onderwyser hier op 'n keer.) So ek—ek het die toutjie in my sak gesit. En ek was nog nie vyf minute buite op die werf voor iemand my 'n opstopper gegee het nie. Wel, ek het gaan—met hulle begin, julle weet. Ek het gevoel en my toutjie beetgekry; en ek het een knoop begin maak; ek het die toutjie neergegooi, en weg was ek. Sien? Ek kon dit net nie doen nie. Sien?

81 En ek het gesê: "Ek sou nooit 'n Christen kon wees nie." Maar laat ek julle vertel, daardie aand daar oorkant in Ohio Laan, toe die Heilige Gees in my ingekom het, het dit die humeur laat bedaar. Dit was verby. Ek het gesê: "Ek sal dit nooit kan doen nie. Ek sal nooit 'n Christen kan wees nie, want ek sal nooit daaroor kom nie," het ek gesê: "iets wat in my ingebore is." Ek het gesê: "Jong, my pa was heethoofdig; en—en my moeder, half Indiaan, genoeg humeur om met 'n sirkelsaag te kompeteer." Ek

het gesê: "Ek? O, ek. . . Jong, enigeen wat op my trap, gaan dit kry; dis al." Ek het gesê: "Al moet ek op 'n trapleer klim om hulle te slaan," ek het gesê: "sal ek dit beslis doen." Sien?

82 Maar nou, kan jy my maar daar uitsleep en my rondrol en. . . Sien? Waarom? Nie ek nie! Watter punt probeer ek hier maak? Iets het gebeur. Daardie ou krag, daardie ou William Branham het gesterf, en Iemand anders het ingekom. [Leë kol op band—Red.] En Dit laat my jammer voel vir my vyand. Wanneer enigeen iets verkeerds aan my doen, bid ek nooit teen hulle nie, ek bid vir hulle. En dis waar die Heilige Gees nou die aand daardie toets gegee het in New England, voor dit hieronder gebeur het. Toe daardie—toe Hy mag gegee het, gesê het: "Sê net wat jy wil vir daardie mense." Die manier wat hulle opgetree het. . . En ek het daar afgekyk, en ek het gesê: "Ek vergewe julle." Dis presies wat Hy wou gehad het. Sien? Vergewe jou vyande. Sien? Dié is die geeste wat jou boos maak. Hou daardie geeste dop.

83 Hier kom iemand verby. Hy was daarbo in 'n graf. Kom iemand verby, sou hy uithardloop en hulle oorweldig, het die Bybel gesê. Niemand—hy was so gevaarlik, dat niemand daarlangs kon gaan nie. Maar eendag het daar 'n sterker Mag verbygekom. Hy was besete deur haat, kwaadwilligheid, duiwel, legio van hulle het rondgeloop, groot kêrel. Hulle sou daarheen gaan, en 'n leër saamvat, hom in kettings sit; en hy sou die kettings losbreek. En die duiwel was binne-in hom. Daar was hy. Hy was nogal iets. Hy sou 'n—hy sou 'n ware afgod wees vir die Jeffersonville Hoërskool. Sou beslis! Daar was hy, al hierdie groot. . . Of party van hierdie tieners, julle weet: "O, hy's 'n ware man." Ek het mans gesien wat tweehonderd pond geweeg het, wat nie 'n ons manlikheid in hulle gehad nie. Dis nie manlikheid nie, dis dierlikheid. Sien?

84 Maar daar het eendag 'n klein, hang-skouer kêreltjie met die pad langs gekom, soort van neergeboë (die Bybel het gesê daar was geen skoonheid wat ons Hom sou begeer nie, dertig jaar oud en lyk soos vyftig), het padlangs geloop eendag. En hy het uitgehardloop Hom tegemoet. Het gesê: "Ek sal sommer daardie kêreltjie vat en nek-omdraai." Maar, o goeiste, toe hy daardie Een ontmoet, het hy aan Sy voete geval. Daardie duiwels het so besit van hom gehad. . . Nou kyk. Daardie dag. . . Hy was so van die duiwel besete. . .

85 Nou dit, ek wil dit invoeg aan—vir julle. Hy was—daardie man was so volkome oorgegee aan die duiwel, dat die duiwel sy tong gebruik het om te praat. Nou, jy kan so volledig oorgegee wees aan God dat God jou tong kan gebruik om te praat. Dis reg! Dis waarop ek aanspraak maak. Enige preek wat ek al ooit gepreek het wat enige betekenis daaraan gehad het, is wanneer ek oorgegee geraak het, vir William Branham uit die pad uit gekry het, en Christus kon oorneem en begin praat. Sien? En Hy kan in taal praat.

86 Nou let op. Hy was so besete van daardie bose gees, en daardie gees het hom so beetgehad, dat . . . Daardie demone het geweet hulle tyd het gekom, want hulle het liefde ontmoet. Sien? En hulle het gesê: "Ons sal hom beproef." En almal . . . Nou, let op wat gebeur het. Hy het gesê: "Wel, ons weet wie jy is. Waarom is jy in daardie klein liggaampie soos dié, so 'n tingerige ou kêreltjie?" Het gesê: "Waarom kom jy so?" Het gesê: "Ons weet wie jy is. Jy's die heilige van Israel, en waarom doen jy . . . ?" (Nou let op! As jy nie glo dat daar 'n toekomstige pyniging vir duiwels is nie, luister hoe dié dit erken.) "Waarom kom u om ons te pynig voor die tyd?" Hulle weet daar is 'n toekomstige pyniging. "Waarom kom u om ons te pynig voor die tyd?" Sien?

En Jesus het gesê: "Wat's julle naam?" Hy het geweet; Hy wou hê hulle moes dit erken.

Het gesê: "Ons is Legio, want daar's baie van ons." Hy het gesê: "As jy ons gaan uitwerp uit hierdie man uit . . . "

87 Kyk, 'n klein tenger kêreltjie soos Jesus wat daar staan (sien?), en 'n man wat byna 'n leër kon verslaan; kettings kon hom nie eens hou nie. Sien, dit is nie fisiese krag nie. Dit is nie wat tel nie. Dis die krag van die Heilige Gees wat in jou lewe is, wat tel. Sien?

88 Hy het gesê: "Moet ons nie pynig voor die tyd nie; maar as u ons uitwerp . . . (Kyk na hulle gemeenheid, die boosheid.) As u ons gaan uitwerp, moet ons nie sommer vry in die wêreld laat uitgaan nie, want dis moeilik om te sê waar ons weer in iemand anders sal kan inkom. As u ons gaan uitwerp . . . Ons wil in iemand wees; ons wil iets doen; ons wil nog meer gemeenheid doen." Dis die duiwel. "Ek sal hom terugkry. Hmm!" Sien? Dis die duiwel. "Ek sal hom terugkry." Sien? Onthou net, dis jou broer wat daar staan, maar die duiwel het hom beetgekry. Sien? "Laat ons iets gemeens doen. Ons kan hierdie Gadaréners hier laat ly hieroor," het die hoof, een van hulle, dalk gesê. Gesê: "Laat ons daar in daardie trop varke ingaan."

89 Jesus het gesê: "Gaan voort. Maar kom uit hom uit!" O, goeiste! So 'n klein ou ventjie wat so praat met daardie groot legioen van duiwels. "Kom uit hom uit! Julle het toestemming." En hulle is in daardie varke in, en hulle het stuipe gekry, het daardie varke stuipe laat kry. En daar is hulle pad-af na die rivier toe, en het in die rivier gaan verdrink, het hulleself in die rivier gaan versmoor. Is dit nie so nie?

90 Nou, toe hulle het . . . Natuurlik het die duiwels uit hulle uitgegaan, want dit het die varke doodgemaak. Dit het hulle net stuipe laat kry. Hulle het stuipe gekry net soos enigeen. Het julle al ooit iemand stuipe sien kry van 'n humeur? Wel, dis net—dis net wat dit is. Dis net daardie duiwels. Dis wat van hulle geword het. Sien jy ooit iemand stuipe kry van 'n humeur, sê jy: "Uh-huh, nou weet ek wat in Gadara gebeur het." Sien? Dis

net presies. Kom net nog 'n paar daar in, laat dit hom heeltemal kranksinnig word; want die mediese dokter sal vir jou sê dat humeur die eerste stadium van kranksinnigheid is. Dis wat Mayo sê, die eerste stadium van kranksinnigheid.

91 Broer Pat, dit was dalk onmanierlik. Dis na die beste van my wete, net onverwags. Goed.

102. Romeine, die 7de hoofstuk, die 25ste vers.

92 Ek moet . . . Ek het vergeet, ek het dit nageslaan nou die dag toe ek dit gekry het, maar ek nou vergeet wat dit is. Kom ons beantwoord hierdie liewe persoon se vraag, as ons kan. Romeine 7:22, goed, of :25, verskoon my. Romeine 7 . . . Ek het twee bladsy op 'n slag omgeblaai daar. Dis hoekom dit . . .

> *Ek dank God deur Jesus Christus, onse Here. So dien ek self* dat—*self dan wel met die gemoed—met die—die gemoed die wet van God; maar met die vlees die wet van die sonde.*

Nou, wag 'n bietjie. Ek het dit nie mooi reg gelees nie.

> *Ek dank God deur Jesus Christus, onse Here. So dien ek self dan wel met die gemoed* . . . (Ja, dis reg.) . . . *die wet van God; maar met die vlees die wet van die sonde.*

93 Goed. Dis presies wat Paulus baiekeer herhaal het. Wanneer ek goed wou doen, is kwaad teenwoordig. Sien? Dis presies wat julle ook doen. *Met jou gemoed*, dis jou hart. Sien? Nou onthou, jy dink net met jou gemoed nie; jy sien ook nie met jou oë nie. Ook nie met jou . . . Jy—jy sien met jou hart. Het julle dit geweet? Het julle geweet jou hart het 'n ander persoon daarin behalwe jouself? Die wetenskap het dit pas uitgevind omtrent vier jaar gelede, weet julle. Klein kompartementjie in die hart, waar hulle sê die siel lewe.

94 Het julle al ooit van die onderbewuste gehoor? Jy begin 'n ding doen, en jy dink: "O, ek draai net bo-oor dit," maar jou onderbewuste sê vir jou anders.

95 Hulle kan 'n leuenverklikker neem . . . Ek sien my goeie vriend, Prokureur Robinson, sit daaragter. En ek weet nie of hy dit al ooit gedoen gesien het of nie, maar ek het dit toevallig—probeer—dit eenkeer op my gesit gehad, oor hierdie Engel van die Here hier. En hulle sit 'n leuenverklikker op jou, en jy probeer in—om na die beste van jou wete te getuig, so goed as wat jy dit kan maak, net so mooi en gladweg, dat jy nie *so-en-so* 'n ding gedoen het nie—'n misdadiger. Daardie leuenverklikker sal net omdraai en sê jy lieg. Sien? Waarom? Dis die vibrasie van jou senuwees wat hulle op daardie leuenverklikker optel. Sien? Dit—dit sal vir jou sê. Want waarom? Die mens is nie, in sy oorspronklike begin, gemaak om te lieg nie. Dis sonde en die duiwel wat op jou is wat jou laat lieg. Sien?

96 Jy was nie—jou samestelling is nie om te lieg nie. Dis waarom jy weer moet lewe, want jy is gemaak, geskape om vir ewig te lewe, altyd te lewe. Maar sien, sonde het ingekom en die dood na die liggaam gebring. En dan, wanneer sonde inkom en die dood na die liggaam bring, dan moet die liggaam, natuurlik, sterf. Maar dis, daarbinne kan Ewige Lewe woon, wanneer hierdie gees in jou verander word en jy die Ewige Lewe het. God sal daardie liggaam weer opwek in die laaste dag. Hy het gesê Hy sal dit doen.

97 So met my gemoed—die gemoed. . . Hy het op 'n ander plek gesê: "Ek dink ek het die gemoed van Christus." Nou, in daardie gemoed dien jy—met die gemoed van Christus dien jy vir God. Sien, die innerlike deel (sien?), die innerlike deel, dien jy God. Daardie onderbewuste, dis daar waar geloof lê.

98 Ek wil vir julle vra. Was daar al baiekeer dat julle mense hierbinne, baie van julle het tye gesien waar julle sou—julle net geweet het iets gaan gebeur. Dit het gelyk of dit onmoontlik was dat dit sou, maar jy het net geweet dit gaan gebeur. Het julle dit al ooit ondervind? Dis daardie geloof, daardie onderbewuste aan die werk.

Nou, as dit 'n bietjie warm word hierbinne, kan julle daardie apparaatjie daaronder bietjie afdraai, as dit 'n bietjie te warm word vir julle.

99 Nou, daar in daardie onderbewuste (sien?), dis waar jou gemoed. . . Nou Jesus het gesê: "Tensy 'n mens wedergebore word. . . " (Nou, dis nie wat ek wou gehad het nie). "Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, tensy 'n mens wedergebore word, kan hy die Koninkryk van God nie *sien* nie." Nou, jy sou nie die Koninkryk van God kon sien nie, want die Koninkryk van God is die Heilige Gees. "Sommige wat hier staan sal die dood nie smaak voor hulle die Koninkryk met krag sien kom het nie," het Hy gesê. Dan: "Die Koninkryk van God," het die Bybel gesê: "is binne-in julle." Dis binne-in jou, die Heilige Gees, en jy kan dit nie met jou oë sien nie. So *sien* beteken "om te verstaan."

100 Het julle al ooit na enigiets gekyk, reguit daarna gekyk, gesê: "Wel, ek sien dit net nie." Sien? "Ek sien dit net nie." Jy bedoel jy verstaan dit nie. Sien, sien? Jy verstaan dit nie. *Om te sien* is "om te verstaan." Maar met jou oë kyk jy na enigiets. Maar met wat binne-in jou is, verstaan jy mee, jy sien daarmee. Sien? Met die oë van God kyk jy.

101 En nou, hou nou jou punt. Hier's 'n goeie een as julle gereed is daarvoor: Die Christen kyk na dinge wat hy nie met sy oë kan sien nie (sien?), want ons kyk na die onsienlike. Sien? Hoe kyk jy daarna? Met jou binneste oog. Jy sien dit deur geloof. En nou, om dit te bewys: die hele Christelike wapenrusting is opgemaak uit onsienlike eienskappe. Wat is 'n Christelike wapenrusting? Iemand sal sê: "Sien is glo." Daardie persoon sal nooit 'n Christen

wees nie, want die wapenrusting van die Christen is opgemaak hieruit: liefde. Het julle dit al ooit gesien? Julle het dit al in aksie gesien, maar julle het nog nooit liefde gesien nie. As jy kan, haal jou deel liefde uit en laat ek sien waarna dit lyk. Sien? Liefde, liefde, vreugde, vrede, lankmoedigheid, goedheid, sagmoedigheid, geloof—geloof, vriendelikheid (sien?); die hele Christelike wapenrusting is onsigbaar met die natuurlike oog, maar dit word deur die hart verstaan! Daar is dit. Daar is dit.

102 Paulus het dan gesê: "Met my gemoed. . .('En ek het die gemoed van Christus,' julle sien, het hy gesê.) Ek dien God met my gemoed, maar my vlees (hoe het hy dit bewoord daar teen die einde?)—maar met die vlees, die wet van die sonde." Wat is dit? My vlees sê vanaand: "Jy is te moeg. Jou keel is te seer. Jy is—jy was vandag uit gewees in die wind. Jy sal nie vanaand kerk toe gaan nie." Dis die wet van die vlees. "Jy kan hulle maar net sowel bel en vir Broer Neville sê dat. . .Die vrae soontoe stuur en vir hom sê om hulle te beantwoord." Maar, julle sien, ek het belowe om dit te doen. Sien?

103 Nou, my gemoed, in die binneste het die Heilige Gees gesê: "Hou jou belofte."

Maar die vlees het gesê: "Jy's te moeg." Sien?

104 Nou, die vlees sê: "Nou, dis nie nodig nie, jou pragtige dingetjie, jy's die pragtigste dingetjie in die skool. Nou, moenie enige aandag gee aan daardie holy-roller ma van jou of daardie fanatiese pa nie. Sien? Jy's die mooiste meisie in die skool." "Jy's die pragtigste seun, die mooiste seun, die beste gebou. Jy is die gewildste wat daar in die stad is." Julle sien? Dit—dit. . . En jy onderwerp jou lede daaraan, en waar beland jy? Die skerp puntjie van die horing elke keer. Sien?

105 Paulus het gesê: "My vlees wil—wil altyd daaraan toegee." Jou vlees wil ook. Sien? Maar die wet van die Gees van God in die hart oorkom die vlees en laat die liggaam gehoorsaam wat die hart sê om te doen. Halleluja!

106 Kyk, as dit dan dit vir 'n sondaar sal doen, sal dit dan nie vir siekte ook werk nie? Die wet van die Gees van God in die hart, wat weet dat "Deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom," hulle staan met hulle krag om daardie siekte in daardie liggaam hulle te laat gehoorsaam, want dis 'n duiwel. Daar het jy dit. Sjoe! Dit het só diep room daarop. Ek sê vir julle. Dis wat dit is. Sien?

107 Nou, die wet van sonde en dood werk in jou vlees, maar die wet van die Gees van die Lewe werk in jou hart. So jou hart, jou gees in jou hart sal jou liggaam laat gehoorsaam wat dit sê om te doen. Dis presies reg. Nou, dis wat Paulus gesê het. Altyd die vlees: "Ek's te moeg; ek's nie in staat nie; ek is nie voldoende nie; ek kan dit nie doen nie."

Ek het vir—vir Loyce hier gesê, of—of Dolores, of iemand wat met my gepraat het oor die Heilige Gees, oor iets soos hierdie, ek het gesê—gesê: "Wat . . . "

Dolores het gesê: "Wat—wat het my so laat voel net mooi toe ek goed moes gevoel het?"

108 Ek het gesê: "Die duiwel. Hy het gesien jy is net mooi gereed om dit te ontvang. Hy het gesê: 'Ek sal 'n dempertjie op haar plaas: Phew! Haar 'n bietjie waai, julle weet, soort van 'n bietjie afkoel.' Sien? Maar, o, goeiste, dis wanneer jy opstaan! Eis jou God-gegewe regte op." Dis wat Paulus bedoel het. Sien? Die . . . "Altyd wanneer," hy het gesê: "wanneer ek goed wil doen, is die bose teenwoordig."

109 Sê julle wat julle doen. Ek het dit opgelet, ek en my vrou . . . En ek sal haastig terugkeer, want ek het nog net 'n paar minute oor, en ek het 'n paar groot vrae hier. Ek wil julle nie te laat hou nie, maar ek wil by julle vrae uitkom so goed as ek kan.

110 Let op! Ek kan in die oggend begin, en sê ek gaan, die Here lei my om na 'n sekere plek toe te gaan vir 'n diens, wel, broer, kyk maar net wat alles gebeur. Of jy laat my by my huis kom, en 'n lang-afstand-oproep kom in. Nou, ek moet vir die siekes bid. Klein Joseph sal reg bo-op my nek klim. Sarah sal my 'n vraag wil vra. Becky sal op die klavier lostrek. Ek sê: "Sh, sh, sh!" Sit my hand oor: "Haai, sh, sh, sh, ek gaan—Pappa gaan vir die siekes bid."

"Wel, Pappa, kyk; Joe het dit gedoen . . . " Julle sien? Laat dit net begin. En sodra die gebed verby is, het hulle hulle speelgoed en net so soet en speel. Dis die duiwel. Dit is beslis.

111 En dan sal ek aankom en sê: "Joseph, jy behoort 'n *sekere* ding nie te doen nie." En weet julle, voor jy jou kom kry, het hy 'n gewoonte aangeleer. En jy sal dit in jou kinders agterkom, hulle sal vir jou lieg. Wel, dis 'n leuenagtige gees op daardie baba. Daar's net een raat daarvoor. Die geweerstok is nie my idee nie, julle weet, die laaistok waarmee ons altyd die pak gekry het nie, Broer Jess. As ons in die moeilikheid beland—beland—beland het, het ons die laaistok uit die ou gewere gekry, die okkerneuthoutstok, julle weet, ou voorlaaiers. Dis nie die idee nie. Maar gebed, werp daardie bose duiwel weg van daardie kind af. Dis reg. Gebed doen dit.

112 As klein Martha sommer haar voetjie begin stamp, en uithardloop, en haar neusie optrek, kan jy haar slaan tot sy nie meer klere aan haar het nie; sy sal dit nogtans doen. Maar lê net voor God en eis daardie kind se siel vir God op. Bly net reg daar daarmee. Ek glo dis die beste ding waarvan ek weet. Ja, meneer! Dis die beste raat waarvan ek weet, is gebed.

103. Nou, kom ons kyk. Nou die volgende een hier sê: **Wat word bedoel met uitverkiesing voor die wêreld begin; waar is dit in die Bybel?** Uitverkiesing voor die wêreld begin.

113 Goed, my dierbare vriend, kom ons blaai na Efésiërs die 1ste hoofstuk, net vir een plek. Ons sal nie te lank by hierdie een bly nie, dink ek, behalwe as dit nie reg antwoord nie. En kom ons begin net lees hier by Efésiërs die 1ste hoofstuk.

114 Nou, die eerste ding, ek wil dit sê, dat *uitverkiesing* 'n swak woord is vir 'n prediker om—om te gebruik voor 'n onopgeleide gemeente. Sien? Dit is. Ek gebruik dit nie. Partykeer hier by die kerk . . . Maar buite in die gehore, buite in die groot . . . Waar die—alles ingepak is uit alles, let ek op daardie woord. Ek gebruik altyd die woord *voorkennis*, want uitverkiesing is slegs die voorkennis van God. God as oneindig, het Hy deur voorkennis alles geweet, of Hy is nie oneindig nie. Sien, sien? Hy het geweet wat sou gebeur. So deur voorkennis kon Hy uitverkies. Dis waarom ek glo dat God—dat God net nie . . .

115 Net soos die lug wat jy inasem; ek verskil van die Jehova Getuies oor daardie idee dat jou asem jou gees is. Dit kan nie wees nie. Sien? Jou gees is in jou hart. Sien? En jy het jou gees gekry voordat jy—nog ooit in die wêreld gekom het. God het vir Jeremia gesê dat Hy hom geken het, en hom geheilig het, en hom 'n profeet oor die nasie gemaak het—oor die nasies nog voordat hy eens in sy moeder se skoot verwek is (sien?), Jeremia 1:4.

116 Nou let op. So ons sien dat al hierdie dinge voorkennis is. Sewehonderd-en-twaalf jaar voor Jesus gebore is—voor Johannes gebore is, het Jesaja hom in 'n visioen gesien, gesê hy was die stem van een wat roep in die woestyn—sewehonderd-en-twaalf jaar. Van die tuin van Eden, Jesus Christus, voor die grondlegging van die wêreld . . .

117 Hoe het . . . ? Kom ons lees dit. Efésiërs 1, kom ons begin net by die 1ste hoofstuk sodat—of die 1ste vers.

> *Paulus, 'n apostel* . . . (Nou kyk hoe hy dit adresseer. Ek hou van hierdie manier van Paulus. Ek hou van Paulus, en julle? O, hy was 'n wonderlike dienskneg van Christus. Kyk nou hier.)
>
> *Paulus, 'n apostel van Jesus Christus deur die wil van God, aan die heiliges wat in Efése is, en . . . die gelowiges in Christus Jesus.*

118 Let op, hierdie is nie gerig aan die wêreld nie; hierdie is nie gerig aan die buitestaander nie. Dit is aan die Kerk wat in Jesus Christus is (o, is dit nie lieflik nie?), die Kerk in Jesus Christus. Dis . . . Hoe kom jy nou in Jesus Christus in? Deur een Gees word ons almal gedoop tot een Liggaam. Nou—hoe . . . En—en hy rig hierdie aan Heilige Gees-vervulde mense (sien?), nie aan die buitewêreld nie.

> *Genade* aan *julle, en vrede, van God onse Vader, en die Here Jesus Christus.*

> *Geseënd is die God* ons *Vader—die God en*—ons *Vader van onse Here Jesus Christus, wat ons geseën* het in *alle* hemelse plekke—en *geestelike seëninge in die hemele in Christus!*

119 O, goeiste! Sal julle nie daarvan hou om by 'n deel daarvan by te sit nie? Wel, ons sal. Sekerlik! Dieselfde Heilige Gees. Hy het nou gesê, soos julle saam sit in Hemelse plekke *in* Christus Jesus, God het ons geseën met *alle* geestelike seëninge, Suster Rose. Ek meen—dit—dis. . . Ek—ek kon nie nou die dag aan jou naam dink nie. Ek dink jy was in 'n gebedsry of iets. En ek—ek onthou dat ek later daaraan probeer dink het, en ek—maar jou naam is Rose Austin, is dit nie reg nie? Ek onth. . . Jy het altyd gereeld hier na die tabernakel toe gekom. Dit is dit. Goed. Nou:

> *Geseënd is die—die God* van ons *Vader. . . Jesus Christus, wat ons geseën* het *met alle geestelike* seëning—alle geest-. . . *in hemelse plekke. . .* (Laat ons sien of ek dit reg lees—dit reg aanhaal.)

> *Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus, wat ons geseën* het *met alle geestelike seëninge in hemelse plekke in Christus* Jesus: (Nou saam vergader in hemelse plekke in Christus Jesus.)

> *Soos Hy. . .* (Nou luister! Is julle almal gereed?). . . *Soos Hy ons in Hom uitverkies* het *voor. . .* (Ek het vir julle gepreek.). . . *voor die grondlegging van die wêreld, . . .*

120 Nou, sien, hy kan met die Kerk praat. Hy sou dit nie vir babas gesê het nie, maar hy praat met 'n Kerk wat alreeds in Christus is. Nou, hy sou nie net hier na 'n kerk toe kon gaan en sê: "Wel nou, *dit*" nie. Dis daardie Uitverkorenes wat in Christus is.

121 Nou, jy sê: "Wel, ek glo dat ek in Christus is." As jy is, het jy die Heilige Gees ontvang, want dit is die enigste manier dat jy in Christus kan inkom. Een Korinthiërs 12:13 (sien?)—Een Korinthiërs die 12de hoofstuk. Goed. "Want deur een Gees word ons almal gedoop tot een Liggaam (wat die Liggaam van Christus is)." Nou! Dan sit ons saam in hemelse plekke in eendragtigheid (Hmm!), Heilige Gees beweeg onder ons, leer ons, wys vir ons groot dinge, laat dinge gebeur. O, wat 'n plek!

122 Hy het gesê: "Nou, julle wat so geroep is, ek wil met julle praat, julle, die uitverkorenes. Dat God ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld." Dink daaraan. God het ons uitverkies in Hom voor die grondlegging van die wêreld. God het geweet voor die grondlegging van die wêreld dat ek vanaand oor hierdie selfde onderwerp sou praat. Hy's oneindig. En voordat daar 'n wêreld was. . . O! Sjoe! Hier, kry nou die Heilige Gees. Die Woord sal Dit bring. Sien? Dis hoe Dit gekom het: "Terwyl Petrus nog hierdie woorde spreek, het die Heilige Gees op hulle geval." Sien, sien?

123 Voor daar nog 'n wêreld was, was jy al in God se gedagtes om vir jou die Heilige Gees te gee, omdat Hy geweet het dat jy Dit sal wil hê; en Hy het Self vir jou uitverkies omdat jy begeer het. . . Hy het jou in Christus uitverkies voordat jy óf Jesus, enigeen van julle, nog op die aarde was. En Hy het vir Jesus gestuur om te sterf, om die weg voor te berei om die Heilige Gees te stuur, om jou na Homself te bring. Hmm! O, dis net. . . Ek weet ek mag. . . Hierdie is die kerk, so ek is nou tuis, julle sien. O, dis vir my so ryk. Om te dink dis nie wat ek wou gehad het nie; dit was nie my begeertes nie; dit was nie my wil nie; dit was nie my keuse nie; ek het nie een ding daarmee te doen gehad nie. Maar voor die wêreld nog ooit begin het, het God ons gesien en ons naam op die Lam se Boek van die Lewe geplaas. Voor daar nog selfs 'n wêreld was! Praat van God! Sjoe!

124 Ek het daar oorkant gestaan waar daardie groot teleskoop. . . Jy kan honderd-en-twintig miljoen jaar ligruimte sien. Toe ek gekyk en dit gesien het (ek het nie sover gekom om deur die teleskoop te kyk nie, maar ek het die foto gesien waar hulle dit afgeneem het)—en ek moes net my hande daar in die lug opsteek, in daardie plek, en ek het gesê: "Hoe groot is U, hoe groot is U!" En nog voordat een van daardie planete ooit gedraai het (Halleluja!), het God ons in Jesus Christus uitverkies. Nou, hoe groot is U nie. Ja, meneer!

125 Voordat daar 'n wêreld was, voordat daar 'n planeet was, voordat daar 'n son was, voordat daar 'n maan was, voordat daar lig was, voordat daar enigiets was, toe dit nog net God was, God en Sy gedagtes, het die ewige gedagtes van God jou deur uitverkiesing gekies, deur voorkennis, om te weet dat jy op die aarde sou wees, om te weet daar sou sonde wees.

126 Iemand het gesê: "Hoekom het—waarom was daar dan sonde gewees?" As daar nooit sonde was nie, sou Sy eienskappe nooit 'n Verlosser gewees het nie. Daar moes 'n sondaar wees, sodat Hy 'n Verlosser kon wees. Daar moes 'n siek mens wees, sodat Hy 'n Geneser kon wees. Amen! Daar het jy dit. Dit moes so wees. Dit was God wat—wat dit gesien en dit verordineer het. Die duiwel is nie eens in die wedloop nie. O, hy's net 'n stomp langs die pad wat God gebruik het om kinders na Hom toe te bring, en te roep: "Abba, Vader." Geen wonder hoedat die Engele op daardie dag sal sing nie! Wanneer ons die verlossingsverhale sing, sal die Engele hulle hoofde buig; nie weet waarvan ons praat nie. Beslis! Hulle was nooit verlore nie. Hulle weet nie wat dit is nie. Hulle weet nie hoe goed ons voel, om te weet dat ons, wat eenmaal sondaars was en vervreemd was van God, sonder hoop, sonder genade, sonder God in 'n wêreld van korrupsie, sterwend, op pad na 'n duiwel se hel; en God het neergebuig, en ons opgetel, en ons vrygekoop; en nou is ons bo die Engele. Op hierdie oomblik!

127 Watter is dit? 'n Engel is 'n dienskneg. Ons is seuns en dogters. Van wie word die meeste gedink, jou dienskneg of jou

seun of dogter? O, goeiste! Gebed vanaf 'n heilige sal 'n miljoen maal hoër gaan as 'n Engel (ja, meneer!), want hy's 'n seun. O, sjoe, dis reg, my broer, suster.

128 Jy nie. . . Die kerk. . . Ek glo nie hierdie kant van die—die ewigheid hoe ons ooit sal besef dat wat jy is, die posisie waarin jy is, waarin God jou geplaas het nie, julle Gees-vervulde mense. Julle is seuns van God. Wel, Engel is 'n dienskneg. Jy's 'n seun! 'n Engel kan net vir jou 'n boodskap bring, maar jy moet optree. Amen! Jy's die speler op die toneel. Jy's die seun. Die Engel is jou dienskneg, om vir jou die boodskap te bring, sê: "Hier, Ek het vir jou hierdie boodskap gebring dat jy *so-en-so* moet maak. Dit is van Vader af. Ek bring dit vir jou." Ja. Dit is al wat hy is. Amen! Julle is seuns en dogters van God. Het ons voorbestem! Nou, kyk net 'n oomblik.

> *Soos Hy ons—Hy ons in Hom uitverkies* het. . . (Nou, ons het nie gekies nie. . . Hoe kon ek Hom kies? Vierhonderd biljoen, miljoen, biljoen, triljoen jaar gelede, hoe kon ek Hom gekies het? Maar Hy het my gekies. Amen! O, Broer Wood, dit is dit. Sien?) . . . *ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld, om heilig* . . . (Nou, moenie probeer om dit self te vermag nie, want jy kan nie.) . . . *en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees:*

O, broer, dit sal 'n vraag beantwoord wat ek 'n paar oomblikke gelede hierin gesien het. Iewers het ek—ek dit gesien sommer. . . O, ja.

> **Jy het gesê. . . Hoe sou 'n mens kon lewe bo. . . so naby aan God kon lewe, dat hy sonder sonde sou wees?**

Luister hierna:

> . . . *heilig* . . . van *die grondlegging van die wêreld, om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees:*

129 Sy liefde het dit gedoen. Sy liefde het vir my sonde betaal. Sy liefde het dit weggeneem. Liefde is die sterkste krag wat daar is. Neem 'n man wat sy vrou werklik liefhet, hy sou gewilliglik vir haar sterf. En broederlike liefde. . .

130 Daar was 'n man, 'n sekere man, kom af en toe na hierdie kerk toe, daar in die platteland. Het nou die dag by sy broer se huis gesit. Hy het gesê: "Wat as iets met Broer Bill gebeur?" Hy het gesê: "Ek sou bereid wees om my bors uit te stoot om vir hom 'n koeël te vang." Sien? Vir jou sterf. Dis liefde. Groter liefde het geen mens as hulle wat sy lewe sal aflê vir sy—sy broer nie. Sien?

131 In liefde, het ons in liefde uitverkies voor die grondlegging van die wêreld. Nou let op:

> *Deurdat Hy ons voorbeskik het* . . . (Nou, daar's die woord voorbeskik.) . . . *Deurdat Hy ons voorbeskik het*

om ons as kinders vir Homself aan te neem deur Jesus Christus, na die—na die welbehae van sy wil.

132 Wat daarvan, Broer Mike? Is dit nie wonderlik nie? Hy het jóú liefgehad. Hy het jou liefgehad voor daar nog 'n wêreld was. Hy het jou natuur geken; Hy het jou swakhede geken; Hy het jou gewoontes geken. Hy het alles van jou af geweet, wat jy sou wees. En toe, toe Hy oor die groot heelal heen gekyk het, as't ware, het Hy gesê: "Ek kies vir jou." En toe Hy dit gedoen het, voor daar nog ooit 'n—'n sprankie lig was, dan is jy ewig by God. Wanneer jy die Heilige Gees ontvang, dan word jy ewig, want jy het—jy's by God, jy's deel van God. Kan julle sien wat ek bedoel? Jy is net so ewig as wat God is, omdat jy is . . .

133 Ek's net soveel Branham as wat my pa Branham was, omdat ek bloed van 'n Branham is. Ek's 'n Branham saam met my pa, omdat ek uit my pa gebore is. Ek is 'n Branham saam met hom. Jy is 'n Wood, omdat jou pa Wood heet. Jy's net soveel Wood as wat Jim Wood is; jy's net Banks Wood. Amen! O, goeiste! Jy's 'n Neville omdat jou pa 'n Neville was. Jy's net soveel Neville as wat hy Neville was. Glorie! Ons is net so ewig soos God is, omdat ons 'n deel van God is, seuns en dogters van God, het die Ewige Lewe, en kan nooit vergaan nie. "Ek sal dit opwek in die laaste dae."

134 Geen wonder dat, toe hulle gereedgemaak het om Paulus se kop af te kap daar . . . Hy moes daardie doodspad bewandel. Hy het daardie laaste brief aan Timóthéüs geskryf, gesê: "Ek het 'n goeie stryd gestry; ek het my wedloop voltooi; ek het die geloof behou! Voortaan is daar vir my weggelê die kroon wat die Regverdige Regter my op daardie dag sal gee, nie net aan my nie, maar almal wat Sy verskyning liefhet."

Toe het die dood gesê: "Ek kom vir jou."

Hy het gesê: "Waar is jou angel?"

Die graf het gesê: "Ek sal jou kry."

135 Het gesê: "Waar is jou oorwinning?" Maar hy het 'n voorbeeld gehad. Hy het na Gólgota teruggekyk en gesê: "Maar dank God, wat ons die oorwinning gee deur ons Here Jesus Christus." Daar het jy dit. Hmm! Dit moet emosies aanroer; dit moet net.

136 Lewe is . . . Die Woord gaan uit. Lewe, die woord lewe kom tot Lewe, en binne-in 'n menslike wese moet iets uitroep.

Julle weet, iemand het gesê: "Billy, wat laat die mense opstaan en hulle hande opgooi of sê: 'Prys die Here!' of 'Amen!'?" Kyk wat sê die Bybel.

137 Paulus het gesê: "As ons in onbekende tale sou spreek, hoe kan die ongeletterde . . . Wanneer hy geseën word—wanneer hy geseën word, hoe sou hy 'Amen' kon sê?" Sien? Jy moet weet waarvan jy praat. Onbekende tale, tensy deur 'n uitleg of

openbaring. . . Dan kan hy "Amen!" sê as hy dit kan verstaan. Hy weet wat hy sê. Sien?

138 Nou! O, goeiste! Kyk daar daardie dag toe die vyand op Dawid inbeweeg het. En hy gee hulle almal die fles wyn en—en 'n—'n goeie stuk vleis en brood. En—en toe die vyand aan die kom was, het hulle nie geweet wat om te doen nie; en hulle het daarbuite bymekaargekom; en die hele Israel het bymekaargekom onder die besnydenis. (Nou, dit is onder die ou Joodse besnydenis.) En hulle het hulle hande opgehef en gesê: "God, U is ons God. U het ons beskerm. U het Moses die profeet gebring, en U het die kinders van Israel uit Egipte uitgebring. U het hulle deur die woestyn nadergebring. Toe hulle daar gelê het, was niemand bevrees om—was almal bevrees om hulle aan te raak, niemand het naby U erfdeel gekom nie. Hulle was te bang." Tog was hulle in die minderheid, maar almal het die hande van hulle afgehou. Want alles wat op hulle gekom het, is hulle teruggesteek. Hy het gesê: "O, watter groot God is U nie. En nou, Here, as ons gesondig het. . . Hier's ons vroue; hier's ons kindertjies; en ons is in benoudheid in hierdie uur." Het gesê: "O, wat kan ons doen? Die vyand is aan die kom." Hy het gesê: "Wat kan ons doen?"

139 En terwyl hulle gebid het, het die Gees op een daar in die gehoor geval, en hy het geprofeteer: "SO SPREEK DIE HERE, julle sal nie veg nie; staan stil! (Amen!) Gaan daarheen langs 'n *sekere* weg en ontmoet hulle daar." En Hy het verwarring onder hulle veroorsaak, en hulle het mekaar doodgemaak. Hmm! Daar het jy dit. Voorbestem om uitverkies te word in Christus Jesus voor die grondlegging van die wêreld. Nou.

104. Jy het gesê dat 'n persoon so na aan God kan lewe dat hy nie kan sondig terwyl hy hier op hierdie aarde is nie. Verduidelik dan Een Johannes 1:8 tot 10.

140 Kom ons kyk na Een Johannes 1:8 tot 10. As ek 'n bietjie meer tyd gehad het om hierdie na te slaan. . . Ek het dit gehad, maar ek het dit net nie geneem nie, vriende. Ek—ek het probeer om—om uit te kom. . . Wel, ek sal Johannes na 'n rukkie kry. Dit sal—dit sal aan die ander kant van Hebreërs wees, natuurlik. Goed. Een Johannes 1:8 tot 10—Een Johannes 1:8 tot 10.

> *As ons sê. . . ons het geen sonde nie, mislei ons onsself, en is die waarheid nie in ons nie.*
>
> *As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons te vergewe. . . ons sondes, en. . . ons van alle ongeregtigheid te reinig.*
>
> *As ons sê dat ons nie gesondig het nie, dan maak ons Hom tot leuenaar, en is* die *woord nie in ons nie.*

141 Wel, wag nou my liewe broer. Blaai net reguit hier na die 3de hoofstuk en die 9de vers. Jy is reg op dieselfde bladsy in my Bybel. Agtste vers om mee te begin:

Hy wat die sonde doen, is uit die duiwel; want die duiwel het gesondig *van die begin af. Vir* die *doel is die Seun van God* gemanifesteer, *dat Hy die werke van die duiwel kon verbreek*. (Net waaroor ek gepraat het, sien, God wat voorbestem, wat jou ken.)

Elkeen wat uit God gebore is, doen geen *sonde nie; omdat sy saad in hom bly: en hy kan nie sondig nie, want* hy's—hy's—*want hy is uit God* gebore.

142 Dis net wat die Woord sê. Nou, as julle hier sal kyk.

As ons sê . . . ons het nie gesondig nie, maak ons Hom tot leuenaar, en die *woord is nie in ons nie.*

Nou, sommige mense sê: "Nou wel, hier is sommer 'n goeie dogtertjie of goeie seuntjie. Hulle het nooit gesondig om mee te begin nie." Jy word in sonde gebore, gevorm in ongeregtigheid, kom na die wêreld met leuentaal. Wanneer jy in hierdie wêreld gebore word, is jy 'n leuenaar, is jy 'n dief, is jy alles wat daar is, sommer al die sonde, nie 'n dief nie, want jy het nie gesteel nie. Maar jy is—maar jy het . . . Jy is nie 'n leuenaar nie, want jy het nie gelieg nie. Maar daardie gees is in jou wanneer jy gebore word, want jy is van die wêreld. Dis die rede waarom jy nie hervorming kan ondergaan, om te hervorm nie; jy moet sterf en gebore word. En jy kan nie geboorte sonder kruisiging hê nie. Jy kan nie opstanding hê nie; jy moet vir die dinge van die wêreld gekruisig word om in Christus opgewek te kan word.

143 As jy op jou—jou intellektuele se opvattings ensovoorts gaan staatmaak, sal jy nooit uit die Gees van God gebore word nie. Jy moet, soos Paulus, alles vergeet wat hy ooit geweet het, en niks onder julle ken, behalwe Christus Jesus nie, en weer, opnuut gebore word. O, as . . . Hier . . . As ek dit aan julle kon oordra. Sien? Dis 'n geboorte wat 'n nuwe gesl- . . . 'n nuwe skepping maak. Die einste Griekse woord hier, waar ek dit nou die dag in die Griekse leksikon opgekyk het, die woord *geboorte* beteken "skepping." Wanneer daar staan: "Julle is 'n—nuwe skepsels in Christus Jesus," is daar 'n woord daar, *skepsel* is die woord *skepping*. Jy is 'n nuwe *skepping*, nie in die wêreld nie, maar in Christus Jesus. Jy word 'n nuwe.

144 Nou, jy was in die wêreld en het gesê, o, julle weet, die spoggerige dinge, die mooi klere of een of ander iets moois. En: "Bah!" Godsdiens is 'n bysaak. Sien? "O, ek gaan kerk toe, sekerlik. Ek wil nie hel toe gaan nie, maar jy weet . . ." En 'n mooi paar bruin oë van die meisie, of die bietjie krulhare vir die seun, of: hy's 'n baie, julle weet, een of ander iets, net iets vir die oog, of wellustig, of drink, of een of ander ding daar. Dis die wêreld; jy's—jy's in die wêreld. En die Bybel het gesê: "As jy die wêreld liefhet en die dinge van die wêreld, is die liefde van God nie eens in jou nie." So ten einde dit uit jou uit te kry, moet

jy sterf, moet sterf, gekruisig, en begrawe word, en as 'n nuwe skepsel in Christus Jesus opgewek word.

145 Nou, voor jy die Heilige Gees ontvang het, glo jy *tot* die Ewige Lewe. Maar jy het nie die Ewige Lewe totdat jy die Heilige Gees ontvang het nie, want Dit is die Ewige Lewe. Die Heilige Gees is God; Dis God se Lewe in jou. Dan het jy die Ewige Lewe. Verstaan julle dit nou? Sien? Kyk! Sien? Jy glo *tot*.

146 Wag, hier is 'n goeie ding. Julle vroue, verskoon my hiervoor as dit te plat klink (sien?) . . . om 'n punt tuis te bring. 'n Moeder: daar's lewe, maar tog, is daardie baba nog nie gebore nie. Maar as jy daardie baba reg behandel en die reëls van die natuur volg, sal daardie baba normaal gebore word. Maar as jy nie alles volgens die reëls van die natuur toepas nie, as jy 'n harde kneusing, of 'n hou, of—of iets laat plaasvind, gaan dit—dit—dit ruïneer (sien?); dit sal die baba doodmaak voor dit gebore word.

147 Wel, dis wat verkeerd is. Die kneusings kom van Satan. Satan neem die gifpyle van die hel en probeer om die Kerk te kneus wat in barensnood met 'n baba is. En voor dit nog gebore is, maak hulle dit dood. Maar as jy net die Bybel vat en dit vertroetel in die—dit babakos gee, die moeder wat vitamiene neem . . . Wel, hierdie is die beste Vitamien waarvan ek weet, geestelike Vitamiene. Sien? Dit bou jou op.

148 Nou, die kerk behoort geestelike Vitamiene te neem; en die Vitamiene is net hier, 'n hele Boek vol van hulle. En jy moet geestelike Vitamiene neem, lering, en dit bring die baba tot 'n geboorte. Sien wat ek bedoel?

149 Nou, die klein kêreltjie, wanneer hy—hy—hy lewe het—hy—hy lewe het, want die klein selletjies beweeg en skop na omtrent drie maande en—of vier. En dan, skop en beweeg hy, maar hy is nog nie gebore nie. Maar sodra hy in die wêreld gebring is, hou die dokter, moeder, of iemand, hom op en [Broer Branham klap sy hande—Red.] gee hom 'n bietjie slae. "Wha-a-a!" Daar gaan hy (sien?), en dan begin hy asemhaal. En net sodra hy die asem van die lewe inasem, dan word hy 'n lewende siel.

150 En dis wat soms . . . Jy is gereed om die Heilige Gees te ontvang? Jy is in barensnood; jy wil verlos word. Hoeveel hierbinne is juis nou in daardie toestand, wat graag die doop van die Heilige Gees wil hê, wat regtig wil weet wat dit is, wil kom—daarin kom? Wie wil die doop van die Heilige Gees hê? Steek julle hande op. Sien? Jy is in barensnood, jy wil—jy wil verlos word. Wat jy nodig het, is 'n bietjie Evangelie-pak, 'n ietsie wat [Broer Branham klap sy hande—Red.], en jy roep uit: "Glorie!" En wanneer dit gebeur . . . ek weet julle dink ek is mal, maar ons—ons het die gemoed van Christus, wat in elk geval malheid vir die wêreld is. Iets skreeu binne, dan stu daardie Gees deur jou. Dan hou Dit net aan kom.

151 Soos ek vir 'n persoon gesê het, dis soos 'n ou verstopte pyp. En jy steek 'n draadjie daardeur, en jy kry hierdie draad beet: "Grawe, grawe, grawe." En daar is 'n groot klomp water wat probeer deurkom. "Grawe, grawe," jy kan dit nie bykom nie, maar jy weet daar is iets daarbo. Jy kan dit voel; dis aan daardie kant. Gee dit dan na 'n ruk 'n tamaai groot pluk, en: "Swoosh!" gaan die water deur die pyp. Dis hoe dit is. Dan hou die water net aan kom. Dis hoe die Heilige Gees is. Sonde het die pype verstop. Jy—jy sit terug en sê: "Ek is sku. Julle weet, ek kan dit net nie sê nie. Ek is bang die mense dink ek is 'n holy-roller." Sien? Dis . . .

152 Nou, wanneer jy daardie trekkie van die Gees voel . . . Jy wil Dit hê, meer as die lewe—jy wil meer as jou eie lewe hê. Dit beteken meer vir jou: "Ek moet Dit hê of sterf." Voor jy weet wat, het jy iets beet. Jy sê: "Dis dit, Here." Jy trek die prop uit. Sjoe! Hier kom dit! Uit! O, goeiste! Vry! O! Goeiste, ek gee nie om of die President Eisenhower hier sit nie. sê: "Glorie aan God, Sy Bloed sal jou red."

153 Petrus-hulle was destyds tydens Pinkster daar agterin verskuil, het gesê: "Kyk versigtig by die deur uit, kyk of sommige van daardie Jode daar aankom."

"Nee. Ek sien nie een van hulle nie."

"Goed, bly net baie stil, ouens, want ek sê vir julle, as hulle ooit hier inkom, gaan hulle ons hier uittrek. Dis maar net al. Bly bymekaar."

154 Hulle het almal daar gesit, en skielik kom daar 'n geluid uit die Hemel soos van 'n magtige rukwind. Dit het die hele huis begin vul waar hulle gesit het. Iets het begin plaasvind. Uit daardie gebou uit het hulle gegaan; die deure oopgegooi, is by die trappe af en het al steierend daar afgegaan soos 'n klomp dronk mense onder die impak van die Gees, aan die skree en tekere gaan.

155 Hulle het gesê: "Hierdie mense is dronk. Luister na hulle. Kyk na daardie lafaard wat by die deur uitkyk, die een wat vir Jesus daar anderkant by die kruisiging verraai het. Het gesê: 'Ek ken Hom nie eens nie.' 'n Vroutjie het gesê: 'Wel, jou spraak verraai jou. Jy is een van hulle.'" Het gesê: "Hy het gevloek, gesê: 'Ek ken Hom nie.'"

156 Maar toe daardie prop uitgetrek is, toe die Gees begin deurvloei het, het hy gesê: "Julle manne van Judea, julle wat in Jerusalem bly, laat dit aan julle bekend word en luister na my. (Amen!) Ek is baas. Laat dit aan julle bekend word; hulle is nie dronk nie. (Kom op vir sy kerk.) Hulle is nie dronk soos julle veronderstel nie, siende dat dit net die derde uur van die dag is, maar dit is dit waarvan deur die profeet Joël gespreek is: 'Dit sal in die laaste dae gebeur, sê God, dat Ek My Gees op alle vlees sal uitstort . . .'" Um-m-m, wat 'n verskil! Sjoe! Goeiste, ek weet

julle mag dalk dink dis 'n vreeslike ding, maar ek—ek—ek moet julle laat sien wat Waarheid is. Bly Daarby.

157 Nou, sekerlik, het jy die Ewige Lewe.

158 Nou, om dit te verduidelik. Hierdie, sê . . . "As ons sê ons het nie gesondig nie ('Almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God') maak ons God tot leuenaar." Hy het gesê jy het gesondig. As julle sê julle het nie gesondig nie . . .

159 "Ek—ek is in die Baptiste kerk, Metodiste kerk, Pinksterkerk, Presbiteriaanse kerk gebore; ek is gebore . . ." Dit maak nie die minste verskil nie, jy moet weer daaruit gebore word. Dis reg. As ons sê ons het nie gesondig nie, maak jy Hom tot leuenaar. En die Woord, wat die Waarheid is . . . Hoeveel weet die Woord is die Waarheid? "In die begin was die Woord . . . en die Woord het vlees geword, en Woord . . . " "Heilig hulle, Vader, deur die Waarheid. U Woord is die Waarheid." En Hy was die Woord. Sien? "En die Woord, of Christus, is nie in jou nie." Hy was die Woord. Hoeveel van julle weet dit? Sien? Goed.

160 Ons sal dit dan so lees: "As julle sê julle het nie gesondig nie, maak julle Hom tot leuenaar, en is Christus nie in ons nie." Sien, sien? Nou dis, sien, wanneer julle sê dat julle . . . dat julle nie gesondig het nie, is julle verkeerd. Jy moet wedergebore word.

161 Nou, ons sal hier oorblaai na hierdie ander vers toe. "Hy . . . Wie ook al gebore is uit God, kan nie sondig nie, kan nie sondig nie, want . . . "

162 Nou wat is sonde? Wie het dit gesê, iemand? Ongeloof. Dis wat die Bybel gesê het. Daar's net een sonde, en dis ongeloof. Dis reg. "Hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel." Sien? So ons, een werklike sonde.

163 Nou, as jy sê: "Nou wel, wag 'n oomblik. Ek glo dat hulle die Heilige Gees in daardie dae so kon gekry het, maar ek glo nie dis so nie."

164 "Maar, broer, die Bybel het gesê: 'Die belofte is vir julle en julle kinders.'"

"Ek weet, maar . . . " Jy sondig. Jy sondig net daar. Jy glo nie wat God gesê het nie.

"Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en vir altyd."

165 "Nou wel, ons word geleer dat . . . " Ek gee nie om wat jy geleer word nie. Die Bybel het gesê—Hy het gesê: "Laat elke mens se woord 'n leuen wees en Myne waar." Goed.

Jy sê: "Wel, Hy—in beginsel is Hy dieselfde, maar ek het nie . . . Bedoel jy Hy's dieselfde?"

"Ja, doen dieselfde dinge in die Kerk wat Hy gedoen het toe Hy hier was."

166 "O, ek kan dit nie glo nie." Jy sondig. Jy sondig. En hy wat uit God gebore is, uit die Heilige Gees, sê nie daardie dinge nie.

En as hy sê hy het die Heilige Gees en daardie dinge sê, is dit die bewys dat hy Dit nie het nie. Ek gee nie om wat hy gedoen het nie. As hy nie in Goddelike genesing glo nie, nie in die Krag van die opstanding glo nie, nie glo in die Heilige Gees wat op ons uitgestort word presies net soos Dit in die eerste tydperk het nie, net dieselfde God gister, vandag, en vir altyd, dieselfde dinge wat die apostels gedoen het, nou ook wel gebeur, in tale praat, en juig, en al hierdie ander dinge; as hulle dit nie glo nie, is hy nie uit God gebore nie. Want wie ook al uit God gebore is, doen nie daardie soort dinge nie. Dis hoe jy kan sê of hulle uit God gebore is.

167 Jy stap na 'n kêrel en sê: "Dr. Ph. *So-en-so-en-so*, Eerwaarde Dr. *So-en-so* (wat goed is, wens ek het dit gehad, die grade), maar is dit so dat Goddelike genesing voortgesit moet word in die kerk net soos die apostel gedoen het?"

"O nee, nee!" Hy sondig. Hy's 'n ongelowige. Dis reg.

168 Jy sê: "Glo jy ons ontvang die Heilige Gees soos hulle hier het? Ek het hier in die Bybel gelees by Handelinge 2 waar Dit sê hulle was. . . en het die Heilige Gees uitgestort, en hulle het gesteier asof hulle dronk was, en hulle het daar uitgegaan en gepraat in die tale van hierdie mense, en sulke dinge; het opgetree soos mense wat dronk is, en die kerk het gedink hulle is dronk. Wanneer ons vandag die Heilige Gees ontvang in die Baptiste kerk, ons Baptiste, ons Metodiste, ons Presbiteriane, wat dit ook al mag wees, nie—ek sien nie ons dit doen nie."

"Wel, ek sê jou, kind, dit was net vir daardie twaalf." Hy's aan die sondig. Hy is nie gebore uit die Gees van God nie, want die Bybel het gesê: "Hy wat gebore is uit die Gees van God is nie ongelowig nie. Hy is 'n gelowige, en hy kan nie. . . " Waarom? Waarom? O, hier is dit. Die Duif is in hom, lei hom. Want die Gees van God is in hom, en hy kan Dit nie ontken nie; hy kan nie. As dit die Gees van God is, sal God nie Sy Eie Woord ontken nie. As ek my eie woord ontken, dan word ek 'n leuenaar. En as—en as jy sê jy het die Gees van God en die Woord van God ontken, is dit óf God tot leuenaar óf jy's 'n leuenaar, een van die twee. En die Bybel het gesê: "Laat elke mens se word 'n leuen wees en Myne die Waarheid wees." En 'n mens wat uit die Gees van God gebore is, kan nie van God se Woord verskil nie; hy moet sê Dis reg. Hy kan niks anders doen nie. Sjoe! Dit is—dit is die Waarheid.

169 Luister, laat ek dit weer lees.

> *Elkeen wat uit God* gebore *is,* doen *geen sonde nie; omdat* die *saad*. . .

170 Wat is die saad van God? Die belofte wat Abraham gehad het, die saad, aan die saad. Wat is nou die saad? Christus. Is Christus die Saad van God? Wie se Saad is Hy as Hy nie is nie? Goed, goed. Hy's die Saad van God.

171 Die Saad van God bly binne-in hom. Die Heilige Gees kom om te bly, nie van diens tot diens nie, maar vir ewig. Nou, as

jy jou Skrif hiervoor wil afskryf, Efésiërs 4:30: "Bedroef nie die Heilige Gees van God nie, waardeur julle verseël is tot die dag van julle verlossing." Die Saad van God bly in hom, en hy kan nie sondig nie, omdat hy uit God gebore is. Hy kan nie God se Woord nie glo nie.

172 Nou, wanneer jy 'n mens sien verskil van God se Woord en sê: "O, dit was vir 'n ander eeu," wanneer die belofte is aan wie ook al wil laat hom kom, onthou net, hy is 'n ongelowige en hy's nie van God nie.

Ons moet liewer hier ophou, moet ons nie? Hoe laat is dit? O, goeiste! Ek het—ek—ek wil net—ek wil nie Sondag hiernatoe terugkom nie. Laat ek hierdie net baie, baie, baie vinnig afhandel. Kan ek? Dis net so goed. Dink julle nie dis goed nie? O, die Woord van God. Goed.

Broer Branham, wat moet 'n persoon doen . . . Laat ek dit vir laaste hou, hierdie een hier vat.

105. In watter gelykenis sal ons wees in die opstanding?

173 Soos ons was toe ons afgegaan het. Presies, opstanding . . . Dink net—net hieraan. Hierdie boek val op die vloer [Broer Branham laat val 'n boek—Red.], en ek vat hierdie boek, 'n ander boek, en vervang dit. Dit is nie opstanding nie. *Opstanding* is "dieselfde een terugbring wat geval het." Is Jesus opgewek? Het hulle Hom herken? Het Hy by hulle gestaan, dieselfde Jesus? "En hierdie selfde Jesus wat opgevaar het, sal weer kom op dieselfde wyse as wat julle Hom sien gaan het." Die opstanding is net soos wanneer jy sterf; dis hoe jy opstaan. Jy sterf as 'n mens in die vlees; jy staan op as 'n mens in die vlees. Dis net presies. So die opstanding is net dieselfde. Ons sou nog twee uur daaraan kon wy, maar ons moet liewer nie begin nie.

106. Verduidelik Hebreërs 4 en 6 (Net gou nou, ons kry dit net baie gou.) **en vergelyk dit met Hebreërs 10:26—Hebreërs 6 en 4.** (Verskoon my, 6:4, en 10:26. Laat ons sien, 10:26; goed, ek het hulle net hier. Sien?)

Want dit is onmoontlik om dié wat *eenmaal verlig geword het, en gesmaak het . . . en die hemelse* gawes *gesmaak het, en die Heilige Gees deelagtig geword het,*

En die goeie woord van God gesmaak het, *en die kragte van die toekomstige wêreld,*

En afvallig geword het . . . om dié *weer tot bekering te vernuwe; omdat hulle ten opsigte van hulleself die Seun van God weer kruisig . . . en hom openlik tot skande maak.*

174 Dit net sê net wat dit . . . Nou kyk. Ek het dit nou die aand gehad. Hoeveel was hier toe ek dit verduidelik het? Goed, dan weet julle wat dit is. Sien, dis daardie grenslyngelowiges.

175 Hoeveel het daar voor in Deuteronómium 1 gelees, waar die verkenners net daar ingegaan en die goed geproe het in Kanaän, wat Kanaän nie 'n tipe van die Millennium is nie. Hoeveel weet dit? Bedoel julle, net een hand? Junie. Dis reg. Kanaän is nie die tipe van die Millennium nie, want hulle het oorloë, gevegte, doodslag, en wat nog in Kanaän gehad. Het getipeer die Heilige—Kanaän is 'n tipe van die Heilige Gees. Egipte is die wêreld waaruit hulle gekom het. Die wildernis is waar hulle 'n geheilig, uitgeroepte Kerk was. Kanaän is waar hulle gevestig geraak het met die Heilige Gees (sien, sien?), want hulle het steeds oorloë gehad. En as jy nie glo dat jy oorloë het nie, kry maar net eenmaal die Heilige Gees.

176 Wat doen jy? Wat doen jy in Kanaän? Hulle het hulle regte in besit geneem. Glorie! Hulle het hulle regte in besit geneem. En hulle kon nie hulle regte besit voordat hulle in Kanaän ingekom het nie. Hulle het niks besit in die wildernis nie. Dan, toe hulle in Kanaän ingekom het, toe het hulle regte gehad. En ons het regte. Wanneer jy die Heilige Gees ontvang, is jy in Kanaän. Jy moet daarvoor veg; elke duim grond moet jy daarvoor veg. Ja, meneer! Dis waarom mense sê: "Broer Branham, bid jy vandag vir my."

"Goed, ons sal sien . . . "

Kom eenmaal in Kanaän in, broer, en jy besef waar jy tuishoort. Let op hoe gebed omgedraai begin word. Ja, meneer! Jy sê: "Kyk hier, Satan. Hierdie is myne! Ek is besitter hiervan! God het so gesê! Gee pad! (Dis reg, dis reg!) Gee pad van my grond af!" Sien?

"Jou grond?" sê Satan.

"Ek het die titelakte daarvoor. Gee pad! As jy dit nie doen nie, sal ek jou kennis gee deur die Heilige Gees se leiding." Hy gee pad. Sekerlik, hy moet.

177 Nou, nou, hulle wat die hemelse gawes gesmaak het . . . Nou, let hier op.

> . . . *as ons opsetlik sondig* . . . (10de, dit is 26ste van die 10de hoofstuk.) . . . *as ons opsetlik sondig nadat* . . . *ons die kennis van die waarheid ontvang het, bly daar geen offer vir die* sonde *meer oor nie,*

178 Nou, een van hulle is waar jy net daarvan gesmaak het, en die volgende is waar jy dit ontvang het, en die kennis daarvan gekry het. Dan as jy sondig (wat?), ongeloof. Nou, let op hoe hulle albei lees. Sien? "As jy opsetlik ongelowig is nadat jy die kennis van die waarheid ontvang het . . . " Nou laat . . . Net 'n oomblik, laat ek dit hier kry.

> *As* ons *afvallig geword het, om* onsself *weer tot bekering te vernuwe* . . .

. . . *dit is onmoontlik om dié* wat *eenmaal verlig geword het, en die* goeie *hemelse* gawes gesmaak het, . . . (Daarvan geproe het. Sien?) . . . *en die Heilige Gees* . . . (Sien?) . . . *deelagtig geword het,*

En van *die goeie woord van God gesmaak het, en* . . . *kragte van die toekomstige wêreld,*

179 En hy gaan hieronder voort en sê dat as jy reg begin soos die brame, soos die reën dikwels op die aarde kom; as jy begin soos die brame, die Heilige Gees geval het, en o goeiste, jy het Dit geniet soveel soos die res van hulle; maar sover dit betref jou hande Daaraan slaan en daarheen gaan, en vir die Here werk, en iets daaraan doen, nee, nee, jy kan dit nie doen nie. Sien? Dan wys dit die Gees van God is nie in jou nie. Sien? Dan wen jy jouself net uiteindelik af. "Waarvan die uiteinde verbranding is."

180 Maar hier, as ons ongelowig is . . . Nou, wat is sonde? Ongeloof. As die ding aan jou bekend gemaak is, en jy draai opsetlik daarvan weg en sê: "Uh-uh, ek wil niks te doen hê nie," nadat jy dit al klaar gesien het, sal dit nooit weer na jou hart roep nie. Jy's klaar; dis reg. Jy het—jy het jou dag van genade weggesondig. Sien?

Want as ons opsetlik ongelowig is . . . (Nou, in my Bybel het ek dit hier gemerk waar dit die—die "m," die—die kantaantekening hier, sê: sondig—opsetlik ongelowig is. Sien, sien?) . . . *opsetlik nadat* . . . *ons die kennis van die waarheid ontvang het, bly daar geen offer vir die* sonde *meer oor nie,* (As jy wegstap en God opsetlik wegwys nadat dit alles vir jou goed gemaak is, en God dit vir jou aangebied het . . . Sien?)

Maar 'n verskriklike verwagting van oordeel en die *vuurgloed wat die* teëstander *sal verteer.*

As iemand die wet van Moses verwerp het, sterf hy sonder ontferming op die getuienis *van twee of drie:*

. . . *hoeveel* meer *swaarder straf, dink julle, sal* . . . *wees* hoewel *verdien, wat die Seun van God* vertrap het, *en die bloed van* . . . *testament, waardeur hy geheilig is, onrein geag, en* . . . *die* werke *van genade gesmaad het?* (O, goeiste!)

181 Wat sal dit wees? 'n Prediker, 'n bedienaar, laat ons net neem . . . Omdat ek 'n prediker is, laat ons sê dis 'n prediker. Hy stap hier op, hy kom op, en bely Christus, kry sy lewe skoongemaak, waar hy nie meer ontugtig lewe en dinge nie, lei 'n goeie skoon lewe, wandel hierbo; die genade van God was vir hom goed, dan wandel hy voort reg tot by die kennis van die Heilige Gees (sien?), wandel voort, God lei hom tot reg by die kennis van die Heilige Gees, en daar sien hy Dit, maar hy sê: "Nou, wag 'n oomblik. My kerk sal dit nie verdra nie. Uh-uh. Ek kan dit nie doen nie. Hulle sal my uitsit. Die—die raad

sal—sal my uitsit. Die volgende predikersvergadering, sal ek geëkskommunikeer word." Daar bly geen offer vir die sondes meer oor nie, want hy het die einste Bloed wat hom geheilig en hom sover gebring het, na die kennis van die Waarheid, en het Dit geag asof Dit 'n onwaardige ding is en het Dit onder sy voete vertrap, nadat God hom stap-vir-stap gelei het hier na die Heilige Gees.

182 Julle sê: "O, nou wag 'n bietjie, Broer Branham." Net 'n oomblik! Die gees van die antichris sal dit doen. Het julle die twee hoofde van hulle opgelet? Wie was Judas Iskariot? Die duiwel! Die Bybel het gesê hy was die seun van verdoemenis. Wat is verdoemenis? Hel. Hy's die seun van die hel, het van die hel gekom, en na die hel gegaan. En Jesus Christus was die Seun van God, het van die Hemel gekom, na die Hemel teruggekeer. Toe hulle albei gesterf het by die—aan die kruise. . . Je-. . . Het julle geweet Judas het aan 'n kruis gesterf? Hoeveel weet dit? Hy het aan 'n boom gesterf. Jesus het ook aan 'n boom gesterf. Dit was net afgekap, dis al. "Vervloek is hy wat aan 'n boom sterf." En hy het van die hel gekom. En let op wat. . . Sover as wat hy in die kerk kon insluip. . . Dis so hoog as wat hy nou kan kom. Sien julle hoe bedrieglik hy kan wees? Nou, Judas het gekom het. Wat was hy? 'n Tesourier, 'n broer, wat in die kerk gewerk het, die tesourier in die kerk, het reguit opgeloop, geglo in die Here Jesus Christus, en was geregv-. . . [Band eindig onvolledig—Red.]

Vrae en Antwoorde AFR59-1223
(Questions and Answers)
Gedrag, Orde En Doktrine Van Die Kerk reeks

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Woensdagaand, 23 Desember 1959, by die Branham Tabernakel in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2021 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org